

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die
Dwaasheid
om te
Preek

Dr. V.E. d'Assonville

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1	3
Die dwaasheid van die prediking.....	3
1.1 Die dwase inhoud.....	3
1.2 Die dwase metode.....	4
1.2.1 Die metode wat afgewys word.....	4
1.2.2 Die metode wat aangewys word.....	5
1.3 Die beoordeling van die prediking.....	7
HOOFSTUK 2	9
Die Woord wat gepreek word.....	9
2.1 Die Woord is God se Woord.....	9
2.2 Die Woord is God se daad.....	9
2.3 Die Woord as redding (verlossing).....	11
2.4 Die Woord van God as Evangelie.....	11
2.5 Die prediking as aankondiging (Grieks: kerugma).....	12
2.6 Die prediking as "leer" of "onderwys" (Grieks: didaskein: "regwys" of "teregwys").....	13
2.7 Die prediking as getuienis (Grieks: "marturion").....	13
2.8 Die prediking van die Woord is God se middel om die kerk te vergader.....	14
2.9 Die verhouding Heilige Gees, prediking van die Woord, kerk.....	16
2.10 Die prediking van die Woord as die merkeken van die ware kerk.....	18
2.11 Die prediking en die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament.....	19
2.12 Die prediking en die Bybelse geskiedenis.....	24
2.13 Die prediking en die nie-geskiedkundige stof in die Bybel.....	29
2.13.1 Die simboliese gedeeltes van die Skrif.....	29
2.13.2 Die liriese gedeeltes.....	29
2.13.3 Die wysheidsgedeeltes.....	30
2.13.4 Die profetiese stof in die Bybel.....	30
HOOFSTUK 3	31
Die Belydenis en die prediking.....	31
3.1 Die Reformasie van die 16e eeu 'n herontdekking van die prediking.....	31
3.2 Die Kategismuspraak.....	32
3.2.1 Die Woord word gepreek.....	32
3.2.2 Die teks: Nie óf . . . óf nie, maar en ... en.....	33
3.2.3 "'n Laagte van dor bene" (Eseg. 37).....	34
3.2.4 Die Kategismuspraak en die eenheid van die kerk.....	35
HOOFSTUK 4	36
Die bedienaar van die Woord.....	36
4.1 Dienaar van die Woord.....	36
4.2 Herder en leraar.....	37
4.3 Prediker en amp.....	37
4.4 Die klein mens — die groot amp.....	38
4.5 Die aktuele prediker.....	38
4.6 Die prediker as Skrifgeleerde.....	39
HOOFSTUK 5	42
Die Kerk tot wie die prediking kom.....	42
TEN SLOTTE: Dis CHRISTUS TRIUMPHATOR wat preek!.....	44

HOOFSTUK 1

Die dwaasheid van die prediking

1.1 Die dwase inhoud

Die Skrif self praat van die "*dwaasheid van die prediking*". Só beskryf die apostel Paulus dit in sy eerste brief aan die Korinthiërs:

"Dit het God behaag om deur die *dwaasheid van die prediking* die wat glo te red" (1 Kor. 1:21).

Dit is die dwaasheid in die oë van die natuurlike, sondige mens, die "moria" volgens die Grieke. En dan moet ons onthou dat Paulus in die naam "Griek" die hele totaliteit van die heidense mensheid van die destydse wêreld sien. Vir hierdie Grieke (heidene) beteken "moria" (dwaasheid) nie onskuldige onnoselheid nie, maar die moedswilligheid om nie jou verstand te gebruik nie. 'n "Moros", 'n dwaas, is volgens die denkpatroon van die Griekse filosofie iemand wat ook juis in die godsdiens sy verstand nie gebruik nie, of dit *verkeerd* gebruik. Hierdie "*dwaasheid*" staan lynreg teenoor die "sofia", die *wysheid*. En die Griekse "wysheid" beteken in kort: *wêreldbeskouing* en *eties*. Dit gaan oor die mens se *bestaan*, sy *voortbestaan* en sy korrekte *lewenswyse*. Tiperend van hierdie Griekse (heidense) "wysheid", is die vertikale lyn van onder af na bo — van die laere, empiriese, ervaringswêreld moet die mens probeer om op te klim na die hoëre wêreld van die goeie, die ware, die mooie.

Maar die Evangelie het as *inhoud* 'n totaal ander wysheid — *van bo na onder!* Dan is hierdie aardse lewe, hierdie empiriese ervaringswêreld, nie die *laere* waaruit die mens moet wegkom of ontvlug of verlos word nie, maar dit is *God se* eie deur-die-sonde-verdorwe skepping waarheen Hy neerdaal om dit weer te herskep en te verlos deur die *dood* en *opstanding* van Sy Seun Jesus Christus. Dit is in kort "*die woord van die kruis*" (1 Kor. 1:18).

Hierdie "woord van die kruis" wat God se wysheid is, maar die Griek se dwaasheid — is dwaasheid vir die wat besig is om verlore te gaan (só staan dit letterlik in die oorspronklike taal in vers 18).

Vandag kan ons moeilik ten volle besef hoe 'n groot veragting die wêreld in Paulus se dae vir sulke preke gehad het wat kom met die inhoud van die kruis, of soos wat die Apostel dit in die volgende hoofstuk noem: "Jesus Christus en Hom as gekruisigde" (1 Kor. 2:2). 'n Kruisiging was destyds in die Romeinse wêreld en in die Ooste die finale straf vir slawe, krygsgevangenes, bendeleiers, terroriste, ens. In die publiek was dit die grootste skande. En om dan te kom met 'n prediking waarin geproklameer word dat die Verlosser van die wêreld aan 'n kruis moes hang en sterf — wat 'n dwaasheid vir die aanhanger van die heidense wysheid! Vir *ons* wat gered word, egter — die hele kerk word daarby ingesluit — is die "woord van die kruis", die *krag* van God. Let wel, Paulus gaan nie teenoor die dwaasheid, die "wysheid" stel nie, maar *krag*, die Griekse "dinamis", waarvan ons woord "dinamiet" of "dinamo" vandaan kom. Die Evangelie is 'n krag van God tot redding (Rom. 1:16). Wie hierdie Evangelie van die kruis aanneem en glo, word gered van 'n lewe in sonde en kom tot 'n nuwe lewe met God in ware kennis, geregtigheid en heiligheid.

Die Grieke egter, dink *panteïsties* (die filosofie dat die godheid self in die dinge van die natuur is) en wil dan die magiese (bo-aardse) kragte van die gode deur geheimsinnige formules ontketen. Maar die Evangelie spreek van God se krag wat werksaam is deur die prediking — dus nie outomaties nie.

Hierdie "krag van God" is vir die ware, Bybelse prediking uiters belangrik, nie alleen wat die

inhoud ("Jesus die gekruisigde") betref nie, maar ook in die *metode* van die prediking.

1.2 Die dwase metode

Die grootste spanning in die prediking gaan nie alleen oor die "dwase inhoud" nie, maar ook oor die "dwase manier", — nie slegs die vraag WAT daar gepreek word nie, maar ook HOE daar gepreek word. Nie alleen die eksklusiewe *inhoud* van die preek is vir die verlore-gaande mens die grootste dwaasheid nie, maar ook die *metode* waarvolgens God wil hê dat hierdie Evangelie moet oorgebring word, is vir hom verfoeilik, dwaas, belaglik, onsinnig.

Juis die Korinthiërs wat in die Griekse (heidense) denkwêreld en kultuur geleef het, het 'n hartstogtelike begeerte na "mooi preke" gehad volgens die patroon van die destydse filosofiese redenaars wat uitgemunt het in die oratoriese kuns. En hulle het ook gehunker na 'n dinamiese man wat met "voortreflikheid (oorspronklike taal ook "skitterende") van woorde" (1 Kor. 2:1) hulle met sy preke sou meesleep in vervoering. Maar wat gebeur? Paulus kom as 'n prediker "in swakheid en in vrees en in veel bewing" (1 Kor. 2:3). Hy slaan maar 'n uiters power figuur. Hy is "onbedrewe in woord" (2 Kor. 11:6); "idiotès" in die Grieks, 'n "idiot" wat volgens hulle siening beteken iemand wat onopgevoed, onhandig en lomp is. Moes so 'n man nou probeer om die stad Korinthe vir Koning Jesus te wen? Hy kom nie as die sterk, glorieuse veroweraar nie, maar eerder in die gestalte van die Here se Knecht: "Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons hom sou aansien nie, en geen voorkoms dat ons hom sou begeer nie". (Jes. 53:2). Paulus kom eenvoudig as prediker in Korinthe aan as 'n swakkeling.

En wat moet Paulus nou daarop antwoord as die *inhoud* van sy preke as dwaasheid beskou word en die Korinthiërs nog boonop teleurgesteld is in sy swak *metode*? Dan tas hy deur tot 'n punt waarin ons duidelik moet raaksien dat nie alleen die inhoud van die prediking vasstaan nie, maar dat ook die metode van preek bepaal is. Die Apostel stel dit soos volg:

" . . . My rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God" (1 Kor. 2:4,5).

1.2.1 Die metode wat afgewys word

Paulus sê: "My *rede* (Grieks: logos) en my *prediking* (Grieks: kerugma) was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie...". En wat was nou hierdie "oorredende woorde van menslike wysheid"? Dit kan ook beteken: om met meeslepende woorde iemand te win of te oortuig van die wêreldse wysheid.

Hier het ons dan dadelik te doen met die destydse wysheidsleraars wat met kunsgrepe en retorika probeer het om hulle hoorders vir een of ander filosofiese ideologie te wen. Dit was 'n bepaalde *metode* in die Griekse denkwêreld, nl. die eis van *welsprekendheid* soos by die Sofiste, die manne van die "Wysheids-wysbegeerte". Dit was die metode van die *dialektiek* — 'n bepaalde metode om tot die waarheid te kom. Dit was 'n bepaalde denkpatoon om deur *redenasie*, deur *dialog*, die vraag na die waarheid te beantwoord. Ons begryp dus ook Pontius Pilatus se vraag aan Jesus: "Wat is waarheid?" (Joh. 18:38), want hy vra dit vanuit die Hellenistiese (Griekse) sienswyse.

Ons kan dit nog nader aandui dat die *dialektiek* die begrip is vir 'n sekere redeneersisteem om tot kennis te kom en dit kom van die Griekse woord "dialegomai". In hierdie verband spreek Liddel en Scott in hulle groot standaard Griekse woordeboek van "the dialectic method of the Socratics, where the conclusions were not drawn directly by the speaker, but elicited by discussion". Volgens hierdie metode het Plato sy dialoë geskryf en ontwikkel hy 'n

dialektiese sisteem om van begrip tot begrip tot die hoogste ideë op te klim. In hulle uitstekende werk oor die Logika toon die skrywers William en Martha Kneale aan dat hierdie dialektiese metode alreeds in die 5e eeu v.C. deur Zeno ontwikkel is en later deur ander wysgere, o.a. Aristoteles voorgedra is (*The development of logic*. Oxford. 1964, bl. 7). Een van die mees direkte gevolge met die grootste konsekwensies van hierdie *dialektiese metode* is dat die gegewe waarheidskennis altyd inadekwaat en disputabel (d.w.s. onseker) bly: teen elke positiewe stelling moet altyd die negatiewe gestel word. "If a consequence is unacceptable, the hypothesis from which it is derived must be rejected. It is clear that, in general, this procedure can lead only to negative results" (Kneale, a.w., bl. 7). Dan bevind die prediking as dialoog op die pad van die dialektiese metode, homself voortdurend tussen ja en nee, tussen posisie en negasie, tussen die stelling van 'n hipotese en onmiddellik daarna weer die opheffing daarvan. Hier kry ons dan die sogenaamde "dialektiese spanning" tussen die twee entiteite Woord en situasie of Woord en eksistensie, waarvan sommige teoloë praat (vgl. B. A. Müller, *Die lewende Woord aan die mens van die hede*", Zaandijk, 1961, bl. 233).

Hierdie *preekmetode*, wat die ou Grieke die dialektiese genoem het en so ook weer in die moderne teologie en in die algemeen in die term "dialoog" aan die massa bekend is, word deur die Skrif in die eerste Korinthiërs-brief radikaal afgewys — dit is die "wysheid van woorde" (1:17), die "voortreflike woorde" (2:1, beteken ook: "oortvloed van woorde"), die "oorredende woorde van menslike wysheid" (2:4), waarvan Paulus skryf. Daarteen word die kerk dringend gewaarsku. Want gestel dat dit die preekmetode sou wees? Dan kan die man op die kansel nie meer met die "kerugma", m.a.w. met die proklamasie, die aankondiging van sy Koning, na die mense kom nie — hy kom dus nie meer met 'n koninklike waarheid wat officieel vasstaan waaronder die Koning se handtekening as 't ware staan nie — maar hyself, die boodskapper van die Koning, die prediker, is nog maar self 'n soeker na die waarheid. Dan moet hy en die gemeente (of hoorders) deur *dialoog* nog probeer soek na die waarheid. Die dialoog word dan die middelaar tot die moontlike waarheid en dit is nie meer die moontlike middel om die reeds vasstaande waarheid te demonstreer nie. Die metode van die preek word dan primêr en aktualiteit word gestoof in die spanning van die dialoog en nie meer ontbrand deur die Heilige Gees wat werk deur die *inhoud* van die Woord nie.

Die apostel Paulus het die Evangelie geken en hy het sy tyd geken en hy het geweet: die oomblik wat hy sy prediking aktueel moet maak deur 'n *metode* wat die kruis van Christus aantreklik moet maak vir die natuurlike mens, dan word die *inhoud* uitgelewer, en word die kruis van Christus verydeld soos wat daar in 1 Korinthiërs 1:17 staan, of letterlik: dan word die kruis van Christus van sy krag beroof, of soos wat iemand vertaal: dan word dit holle klanke! En dan is die prediking glad nie meer aktueel nie. Die inhoud mag dus nooit deur 'n metode verbloem word nie; daar mag nie mooi blomkrans op Jesus se graf gelê word nie. Nooit mag 'n homiletiese metode, 'n skoolse sisteem van die inhoud van die Evangelie sy dienswillige dienaar maak nie, maar juis andersom: die metode is altyd dienaar van die inhoud. En as die inhoud 'n "struikelblok" (1 Kor. 1:23) is vir die Jood, dan mag dit nie met 'n preekmetode verwyder word nie; as dit 'n "dwaasheid" vir die Griek is, mag die preek dit nie "met wysheid van woorde" verbloem nie.

1.2.2 Die metode wat aangewys word

As die "rede" en die "prediking" dan nie in "oorredende woorde van menslike wysheid" mag bestaan nie, wat is dan die regte metode?

Dit is "*in die betoning van Gees en krag*".

Let goed daarop dat ons "Gees" hier met 'n hoofletter skryf. Uit die grammatika van die teks self (sien F.W. Grosheide se kommentaar, Kampen 1957; bl. 76) en uit die konteks van

hierdie hele Skrifgedeelte (sien ook F. J. Pop se kommentaar, Nijkerk; 1971, bl. 55) is dit duidelik dat ons hier te doen het met die Gees en krag van God. Dat die Evangelie in Korinthe deurgang gevind het, was nie te danke aan Paulus se vermoëns en sy slim tegnieke nie, maar aan iets wat hyself nie in die hand gehad het nie. Dit is God Self wat die prediking van die Evangelie gepaard laat gaan met die kragtige werking van Sy Heilige Gees. Hier vind ons nou weer dieselfde "krag" waarvan daar sprake is in I Korinthiërs 1:18, 24. Die "krag van God" (vers 18) en "Christus, die krag van God" (vers 24) is hier die krag van die Heilige Gees.

Dit is die enigste manier waarop die Heilige Gees werk: deur die prediking van die Evangelie! (Vgl. ook Ef. 1:17, 19 en 1 Thess. 1:5).

En nou beskryf Paulus sy prediking as die "*betoning*" van Gees en krag. In die oorspronklike taal staan daar "apodeiksis". In die Griekse wysbegeerte was hierdie term 'n kenmerkende begrip vir hulle logika. Dit is die term vir die *absolute bewys van die waarheid*. Dit is waar ons woord "apodikties" vandaan kom. Hiervan sê die *Groot Woordeboek van die Afrikaanse Taal*: "Bewysend, oortuigend, onweerspreeklik, onweerlegbaar; waaraan die bewysbare noodsaaklikheid eie is".

En die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (H.A.T.) verklaar apodikties as "met groot stelligheid, beslistheid".

Liddel en Scott se standaard Griekse woordeboek verklaar "apodeiksis" as die vasstaande bewys en sê o.a.: "In the logic of Aristoteles, demonstration, i.e. absolute proof by syllogistic deduction of a conclusion from known premises". Bauer (*Wörterbuch zum Neuen Testament*) stel dit kort en duidelik dat dit die bewys, die proef, beteken ("Beweis, Erweis, Probe")

In die Griekse denkwêreld is dit dan ook juis Aristoteles wat die onderskeid gemaak het tussen die *twee* redeneermetodes, nl. die *dialektiese* en die *apodiktiese* metode (vgl. Kneale, a.w., bl. 1).

Baie eenvoudig, kan ons die onderskeid tussen hierdie twee (preek)metodes soos volg stel:

Die *dialektiese metode* moet deur redenasie, deur argumentasie, deur die debat, deur dialoog, *nog kom tot die waarheid* — die "waarheid" is soos 'n skim daar êrens vorentoe op die pad aan die einde.

Die *apodiktiese metode* gaan uit van die *waarheid wat reeds besit word*. Die waarheidskennis self is die uitgangspunt, die vertrekpunt; dit word eenvoudig gekonstateer. Kneale stel dit soos volg: "The dialectical premiss ... is one adopted in debate for the sake of argument. From the logical point of view, however, the important distinction is that the demonstrative premise (dit is die "apodeiksis" — V. E. d'A) is true and necessary, while the dialectical premise need not be so". (bl. 2, a.w.)

Gaan ons nou terug na Paulus se prediking in Korinthe, dan kom ons tot die besef hoe groot die betekenis van hierdie kwalifisering van die inhoud en metode van die Evangelie was — en ook vir ons vandag! Ons moet onthou dat Paulus in 'n Griekse stad gepreek het. Sy hoorders was mense wat gereeld die "predikers" van die Griekse wysbegeerte op hulle pleine gehoor het. Die metode en sisteem om "met ooredende woorde van menslike wysheid", met die dialektiese redeneerkuns die hoorders te oortuig, was by die Korinthiërs goed bekend. Maar as Paulus daar opdaag, dan kom hy met die onpopulêre metode wat nie in die smaak val nie, die "apodeiksis". Sy preke is nou geen "soektog" na die waarheid vanuit die situasie hier op aarde nie, maar dit kom eenvoudig "kerugmaties" op die hoorders as 't ware van bo-af op hulle neer. M.a.w. hy kom as 'n herout, 'n boodskapper van sy Koning wat die reeds bestaande, die ewige waarheid, *aankondig, uitroep, proklameer!*

Die enigste "apodeiksis", "Jesus Christus en Hom as gekruisigde" staan byvoorbeeld vas en daarvoor val daar nie meer te redeneer nie. Dit is geen oop vraag meer nie; geen dialogiese buiksprekery om die klank weer dubieus van die ander kant af te laat kom nie.

Die apostel Paulus se prediking in die stad Korinthe was op 'n datum na die Pinksterdag en vandag nog staan alle predikers nog steeds in die Pinksterbedeling — en tot by Christus se wederkoms sal dit steeds preektyd van die Heilige Gees bly.

1.3 Die beoordeling van die prediking

Iemand vra miskien: Maar *mag* ons nou die prediking in die kerk of elders beoordeel? Mag ons met kritiek kom? Is baie van ons tog nie maar "leke" op die gebied van die prediking nie?

Hierop antwoord ons dat dit nie alleen toelaatbaar is om die prediking te beoordeel nie, maar dat dit 'n roeping is. Dit beteken nie dat ons pleitbesorgers word van 'n soort liefdelose, ongefundeerde, negatiewe kritiek nie (iets wat nogal ook in die kerk voorkom), maar ons praat hier van roeping om te besin oor die prediking *soos wat die Skrif ons leer*. Dit is eenvoudig die eis van die Skrif wat aan elkeen van ons gestel word: Die Skrif self is die enigste kriterium van die prediking en daarvolgens moet ons dit beoordeel.

Niemand minder nie as Jesus Christus Self, het ons hierin voorgegaan. In Johannes 5:39 e.v. verwys Jesus Sy Joodse hoorders na die Skrifte. *Daarvolgens* moet hulle Sy prediking beoordeel om te toets of dit van Hom, die Messias getuig. Ja, hoe *vé*r gaan God tog nie! Die mens van ongeveer die jaar 30 n.C. word gedwing om die Seun van God — God in die vlees — se prediking te beoordeel. Hoeveel te meer moet die prediking wat kom deur die mond van die *sondige* mens dan nie onder die ware kritiek, die ware *oordeel* kom nie. (Ons woord "kritiek" kom oorspronklik van 'n Griekse woord wat beteken: uitmekaarhaal, skei, onderskei, oordeel).

En om die prediking te beoordeel (l.w. ons sê nie *veroordeel* nie, al is dit in sy konsekwensie nie uitgesluit nie) — so leer Jesus duidelik — daarvoor is die kennis van die Skrifte nodig. En verder leer Hy dat om die kennis van die Skrifte te besit, nie alleen die voorreg van 'n klompie uitgesoekte teoloë is nie, maar van elke gelowige. God kan dit selfs vir 'n kind gee.

Die Joodse teoloë, die Skrifgeleerdes, het so in die waan en beheptheid van hulle teologiese geleerdheid geleef dat hulle selfs nie kon glo dat Jesus die kennis besit nie. Op 'n keer toe Jesus in die tempel gepreek het, was die Jode so verbaas en verwonderd oor Sy kennis dat hulle uitroep: "Hoe kom Hy aan die geleerdheid terwyl Hy geen onderwys ontvang het nie?" (Joh. 7:15). Op hierdie wantrouende vraag het Jesus geantwoord: "My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek" (Joh. 7:16,17).

Jesus Christus Self het hier baie duidelik gesê wat nodig is om God se Woord te ken en die prediking te toets. Wat beslissend is, is nie of 'n mens uitermate geleerd is nie, maar of hy gewillig is om die wil van God te doen; m.a.w. *of hy gehoorsaam is aan God se Woord*. Dit is soos wat die Spreukedigter sê: "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis" (Spr. 1:7). 'n Mens kan die wonderlikste verstand hê en tog nie die minste bekwaam wees om 'n preek te beoordeel nie. Hier geld wat daar staan in Matteüs 11:26 en Lukas 10:21, naamlik dat die Vader hierdie evangelie vir wyse en verstandige mense (die geleerdes van die wêreld) verberg het, maar aan kindertjies geopenbaar het. "Ja Vader, want só was dit u welbehae", spreek Jesus juis op 'n tydstip toe die streke van Górasin, Betsáida en Kapérnaüm sy prediking verwerp het.

Maar ook Jesus se *apostels* het so gepreek dat hulle prediking altyd kon getoets word aan die

Skrifte. Die hoorders moes dit kon kontroleer. As Petrus op die Pinksterdag opstaan saam met die elf om te preek, dan word dit een groot betoog wat gegrond is op die Heilige Skrifte van destyds, nl. die Ou Testament (Hand. 2:14 e.v.). Die profete en die Psalms word aangehaal om te bewys dat wat op die Pinksterdag gebeur, die beloftes van God se Woord was. En as Paulus die kruisdood en die opstanding van Jesus aan die Korinthiërs preek, dan spekuleer hy nie oor die dinge nie, maar hy grond dit op die Skrifte: Christus het vir ons sondes gesterf *volgens die Skrifte*, en Hy is begrawe en op die derde dag opgewek *volgens die Skrifte* (1 Kor. 15:3, 4).

In Handeling 17:2 e.v. vind ons seker een van die pragtigste aanduidings oor hoe Paulus gepreek het. Dit was toe hy in die stad Thessalonika die evangelie verkondig het: "En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle (die sinagoge) gegaan en drie sabbatte lank met hulle *gespreek uit die Skrifte* en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus".

Ook Apollos preek uit die Skrifte. Ons lees in Handeling 18:28 dat hy die Jode kragtig in die openbaar weerlê het en *bewys* het deur die Skrifte dat Jesus die Christus is. Dit word vertel dat hy *magtig was in die Skrifte* en dat hy onderrig ontvang het in die weg van die Here; en vurig van gees, het hy gespreek en die dinge aangaande die Here noukeurig geleer (Hand. 18:24, 25).

En luister wat doen die Jode wat in Berea gelowiges geword het. Ons lees in Handeling 17:11: "Hulle het die woord (dit is die prediking van Paulus) met alle welwillendheid ontvang en elke dag *die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was*" Die oorspronklike Griekse woord vir "ondersoek" is baie duidelik: Hulle onderwerp Paulus se prediking aan 'n *beoordeling* volgens die Skrifte.

Ons roeping is baie duidelik. Ons moet die Skrifte ondersoek om die preke te toets. Dit gaan nie ten eerste daaroor (eintlik glad nie) of dit ds. A. is wat gepreek het of prof. dr. B. wat dit gesê het nie, maar of die *Skrif* verkondig is. Al het iemand selfs die gesag van die pous, dan is dit nog steeds alleen die goddelike norm (die Skrif) wat die preek moet toets!

HOOFSTUK 2

Die Woord wat gepreek word

2.1 Die Woord is God se Woord

Die Woord wat gepreek word, kom van niemand anders as van God self nie. Dit het goddelike gesag, goddelike outoriteit en is ewig. Daarom kan hierdie Woord ook deur niemand verander of gewysig word of teruggedroep word nie. Jesus sê: "Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Matt. 24:35). Veranderinge of vervalsinge van die Woord van God word eenvoudig deur die Bybel as die absoluut onmoontlike geag. Aan die Galasiërs skryf Paulus: "Al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal. 1:8).

As ons dan verder spreek oor die Woord van God wat gepreek word, bedoel ons daarmee sonder meer die Woord soos wat dit in die Heilige Skrif tot ons kom. Hierdie Woord (met 'n hoofletter) beteken in die volle sin daarvan "*woord*", d.w.s. iets wat *gespreek* word en dus iets wat nooit losgemaak kan word van die *Spreker* daarvan nie. Dit is die Woord van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Hierdie Woord kom alleen uit die "mond" van die Spreker en nooit van enige *ander* oord nie. Nooit is die Woord 'n "ding" op sigself nie — dit is nooit soos 'n blaas wat van 'n boom afval en nou geen verbinding met die boom het nie. God se Woord is nooit iets wat kan "verspil" word of kan "wegraak" of kan "vernietig" word nie. Met die Woord van die Skrifte het ons dus steeds met die *Sprekende God* te doen.

Calvyn stel dit soos volg (ons vertaal vry): "Aangesien daar nie meer daaglikse Godspraak uit die hemel gegee word nie, en ons alleen die Skrifte besit waardeur God Sy waarheid laat voortleef, het die Skrifte om geen ander rede gesag nie as dat die gelowiges glo dat dit uit die hemel gekom het as die stem van God self" (Institusie, I, vii, 1).

Dit is juis die mees uitstaande kenmerk van die prediking, dat dit moet kan kwalifiseer as GOD se Woord. Daarin lê die grootste *waarborg* dat dit nie die woord van *mense* is nie. Die apostel Paulus stel dit so duidelik soos moontlik:

"Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as die woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die woord van God . . ." (1 Thess. 2:13).

2.2 Die Woord is God se daad

Die oorspronklike Hebreeuse woord vir "woord" soos wat ons dit in die *Ou Testament* vind, is die woord "dabar". Nou is dit juis buitengewoon verrassend dat dit ook met "daad" of "dinge" of werklike gebeurtenisse kan vertaal word. Dit kan selfs die konkrete bestaan van iets uitdruk, selfs die wese van 'n saak beskryf. In ons Afrikaanse Bybel het ons selfs gevalle waar "woord" vertaal is met "dinge", soos in Genesis 15:1 en Genesis 22:1. Letterlik staan daar i.p.v. "na hierdie dinge . . .", "na hierdie woorde . . .". In 1 Konings 11:41 word *gebeurtenisse* in die verlede bedoel; die "verdere geskiedenis van Salomo en alles wat hy gedoen het", word in die oorspronklike taal aangegee as "die verdere woorde van Salomo en alles wat hy gedoen het". So kan ons nog meer voorbeelde gee.

Ons verstaan dit beter as ons weet dat "woord" (dabar) vir die Ou-Testamentiese Israeliet altyd die betekenis gehad het van die *persoon plus wat daar van hom uitgaan*. As iemand 'n "dabar" (woord) gespreek het, *handel* hy daardeur, hy *werk* daarmee. Daarom was dit altyd

van die grootste betekenis dat 'n "dabar" (woord) die *waarheid* moes wees. Dit is eenvoudig 'n noodwendigheid dat die *woord* en die *daad* mekaar moet dek. Op die ware woord, volg dan ook logies die "Amen", dit beteken: so is dit waarlik! (Vgl. Deut. 27:15 e.v., Num. 5:22). Die "dabar" (woord) het dus in homself reeds die *gesag* van die *waarheid*.

En hoe geweldig word die betekenis van die "dabar" (woord) van GOD nie!

Daardeur kom ons agter WIE God SELF is. Die mees algemene term wat daarvoor gebruik word, is "openbaar". God openbaar Homself deur sy Woord; Hy maak Homself deur sy Woord bekend.

Deur sy Woord werk God, dit is sy daad. Ons lees in Psalm 33:6: "Deur die *Woord* van die Here is die hemele *gemaak* en deur die Gees van sy mond hulle hele leër" en in vers 9: "want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan".

Alreeds in die eerste hoofstuk van die Bybel lees ons tot tien keer toe dat God gesê het en elke keer dan is daar 'n *skeppingsdaad!*

Deur sy Woord is God Self teenwoordig. Soos reeds gesê is, het die Ou-Testamentiese "dabar" (woord) altyd die betekenis dat dit te doen het met die *persoon* plus wat daar van hom uitgaan.

Met hierdie enkele gegewens uit die Ou Testament is ons nou alreeds 'n groot stap nader aan die gewigvolle betekenis van die prediking as die prediking *van die Woord van God*.

Gaan ons nou verder na die *Nuwe Testament*, dan kry die begrip "Woord van God" 'n nog ryker en heerliker betekenis. Net soos in die geval van die "dabar" (woord) in die Ou Testament, het dit ook hier nooit 'n vae, abstrakte betekenis nie, intendeel, die "woord" (Grieks "logos") staan nooit los van die persoon wat dit uitspreek nie. Die *woorde van Jesus Christus* kry dan 'n besondere aksent. Dit kan nooit losgemaak word van sy *persoon* en sy *dade* nie! Jesus se gelykenisse, sy bergrede en ander woorde kan nooit gesien word as opsigself-staande, los waarhede nie, maar dit is die woorde van die Messias, die Christus van God. Dit is onlosmaaklik verbind aan daardie *persoon*, die Seun van God, en daarom aan God self.

Maar net so is Jesus se woorde onlosmaaklik verbind aan sy *dade*. Vir die Israeliet wat juis die intieme verhouding tussen die woord en die daad geken het, was die verhouding tussen Jesus se woorde en sy doen en late dan ook geen moeilike probleem nie. Daar is geen spanning tussen sy woorde en dae nie.

Nog duideliker en indringender word die Woord in die Nuwe Testament in sy aansluiting by die Ou-Testamentiese "dabar" (woord) waarin *God Self teenwoordig is* as ons dit belig vanuit Johannes 1:1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God."

Hier is die Woord identies met die Christus. Om dit anders te stel: In Jesus van Nasaret kon die dissipel Johannes die Woord van God hoor, sien en tas. En nou herinner ons weer aan Hebreërs 1:1. God het in hierdie laaste dae gespreek deur die Seun. God het Homself deur sy Seun bekend gemaak. Dit was in hierdie laaste dae God se *daad*. Die "spreke" van God, sy "dabar" is dus nie alleen in die Ou Testament skeppingsmagtig nie, maar juis in die Nuwe Testament groei dit uit tot 'n "krag van God" (1 Kor. 1:18). (Die oorspronklike Griekse woord vir "krag" is "dinamis", dieselfde woord waar ons woord "dinamiet" vandaan kom. Vgl. ook Romeine 1:16 waar die evangelie 'n "dinamis" tot saligheid genoem word). In 1 Thessalonisense 2:13 word die Woord van God ook genoem, die woord wat "werk".

'n Tydige waarskuwing is egter alreeds hier nie onvanpas nie: Die Woord van God "werk" of

openbaar sy krag of raak energiek (vgl. die Griekse woord vir "werk"), nie omdat dit *outomaties* werk nie, maar alleen deur die ingryping van God Self. Onthou die Bybelse betekenis dat *woord* en *persoon* nooit kan geskei word nie. As ons dit vergeet, dan maak ons van die prediking iets wat juis die wese van die Woord loën. Een groot gevaar is dan bv. die *rasionalisme* (oorbeklemtoning van die menslike rede) wat in die prediking kan insluip. Dit beteken naamlik dat die mens met sy verstand sonder hulp (en selfs sonder God) objektiewe waarheid kan vind. Dit gebeur as die Woord losgemaak word van God die Heilige Gees van wie dit uitgaan.

Die vraag is nou: wat is die mense se *antwoord* of reaksie op hierdie Woord (daad) van God? Wat gebeur? As die Woord aangeneem word of aanvaar word, geglo word (Hand. 4:4, 15:7) is dit asof die mens deur die Woord "gearresteer" word of "in beslag geneem" word. Jou hele persoon en jou hele lewe is dan met hierdie Woord betrokke. As dit *verwerp* word, dan het dit vir die hoorder dodelike gevolge (2 Kor. 3:15). As hy egter die Woord (daad) van God aanneem (Hand. 8:14), dan word hyself 'n "dader van die Woord" (Jak. 1:22).

2.3 Die Woord as redding (verlossing)

Die *evangelie* en daarom ook die *prediking* van die Woord, word in die Bybel beskryf as "n krag van God tot redding" (Rom. 1:16). Dit word ook genoem "die woord van verlossing" (Hand. 13:26). Dit is die Here se "woord van Sy genade" (Hand. 14:3). Paulus noem dit ook "die woord van die lewe" (Fil. 2:16) en die "woord van versoening" (2 Kor. 5:19).

In die prediking verbind Jesus Christus hierdie *redding* aan Homself: "Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was". (Luk. 19:10). Die redding of verlossing word selfs aan die naam "Jesus" verbind (Matt. 1:21).

Dwarsdeur die Ou Testament (dink veral aan die Rigtertyd en in die Psalms) sien ons voortdurend hoedat God se Woord 'n reddingswoord is.

In die briewe van die apostel Paulus kom hy voortdurend met die prediking wat die redding verkondig (Rom. 1:16) en hy wys daarop hoe "dit God behaag het om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo te red". (1 Kor. 1:21).

Hebreërs verklaar van Jesus Christus, die Hoëpriester dat Hy die Redder is: "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree" (Heb. 7:25).

Die apostel Petrus verbind in sy prediking die redding in Jesus Christus met die doop (1 Petr. 3:21).

Die prediking kry in die Nuwe Testament dan ook 'n dinamiese, konkrete betekenis as dit voortdurend gerig word tot hulle "wat gered word" (Vgl. Hand. 2:47, 1 Kor. 1:18, 2 Kor. 2:15). Die Griekse woord wat hier gebruik word, kom nog meer tot sy reg as vertaal word: "hulle wat besig is om gered te word". Dit vorm dan 'n teenstelling met die ongelowiges wat besig is om verlore te gaan!

Die prediker van die evangelie staan dus *nooit* voor sy gehoor wat mense is wat uitgeskakel is of onbetrokke kan wees teenoor die prediking nie. Elkeen is *besig*: om gered te word, of verlore te gaan!

2.4 Die Woord van God as Evangelie

In die Nuwe Testament is die Woord van God altyd identies aan die *evangelie* aangaande Jesus Christus. Dit word ook genoem "die woord van die evangelie" (Hand. 15:7), "die woord van waarheid" wat "die evangelie van redding" is (Ef. 1:13), of "die woord van die waarheid

van die evangelie" (Kol. 1:5). Daar word ook gepraat van "die woord van verlossing" (Hand. 13:26), "die woord van die kruis" (1 Kor. 1:18), "die woord van sy genade" (Hand. 14:3), "die woord van versoening" (2 Kor. 5:19), die "woord van die lewe" (Filipp. 2:16).

Ons weet dat die woord "Evangelie" in die prediking 'n besondere plek het. "Om die evangelie te verkondig" is oor die algemeen sinoniem met "preek". Die prediker word ook dikwels die "Evangeliedienaar" genoem.

Die betekenis van die woord "evangelie" is juis van uiterste belang as 'n begrip om die prediking te beskryf. Dit beteken letterlik: *blye boodskap*. In die ou Griekse wêreld het dit te doen gehad met die goeie oorwinnings-berigte wat van die oorlogsfront deur 'n boodskapper gebring is. Nadat so 'n blye boodskap dan aangehoor is, het die mense offers vir die gode gebring. Later is die woord "evangelie" i.v.m. die aanbidding van die Romeinse keiser gebruik. Die keiser is as 'n goddelike heerser en *redder* vereer. So was die geboorte van die keiser aangekondig as 'n heilsfeit en dit word dan genoem "evangelie" (Stauffer se studie *Christus und die Caesaren* werp interessante lig op hierdie onderwerp). Dit is die aankondiging van 'n nuwe tyd wat vreugde in die harte van mense bring.

So is die prediking van die Woord van God die verkondiging van 'n blye boodskap: God het ons deur Jesus Christus verlos!

As die evangelie dan die *blye boodskap* van Christus is, of die *blye boodskap* van God (Rom. 1:1, 15:19 ens.), wat Hom oor die wêreld ontferm en in Jesus Christus gekom het om sondaars te verlos, goddeloses te regverdig en die wêreld te behou (Ef. 1:13, 6:15, Joh. 3:16), dan is die *prediker* die draer van hierdie blye boodskap. Hy is die "evangelos" volgens die Grieks, die bode of die "engel" (vgl. Openb. 2:1 e.v.) wat die goeie tyding van oorwinning moet aankondig. Daarom sien die kerk ook in hierdie man die vervulling van Jesaja se woord: "Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!" (Rom. 10:15).

Die groot hervormer Maarten Luther het in vervoering geraak oor hierdie evangelie: "Evangelie is 'n Griekse woord wat goeie boodskap beteken, 'n goeie tyding, 'n goeie nuusberig, 'n juigkreet — as 'n mens dit hoor, dan wil jy daarvan sing en vrolik wees".

2.5 Die prediking as aankondiging (Grieks: kerugma)

Hier het ons te doen met 'n spesifieke soort prediking. Dit gaan om 'n *nuwe, verrassende* (selfs onverwagte) boodskap wat aangekondig word. Baie kortliks kan ons dit soos volg saamvat:

Dit verkondig vir die eerste keer en ook weer by herhaling die werklike historiese *feite* i.v.m. Christus se koms. Die apostels het dit as *ooggetuies* die wêreld ingedra. Hulle het die *nuwe* blye boodskap gebring. Dit is 'n *proklamasie* van die feite van Christus se koms wat eers ingelei is deur Johannes die Doper wat "die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig het" (Mark. 1:4) waarby Jesus Self aangesluit het (Matt. 4:17).

'n Uitstaande kenmerk van die prediking as *aankondiging* (kerugma) is dat dit onmiddellik 'n *krisis* (afkomstig van die Griekse woord "krinien" wat beteken: oordeel, skeiding) onder die hoorders bring. Dit is 'n *proklamasie* wat hulle voor 'n voldonge feit plaas; hulle moet eenvoudig kies: ja of nee! Hulle moet hierdie boodskap *glo* of hulle moet dit *verwerp*. Dit bring 'n radikale skeiding tussen geloof en ongeloof!

Hierdie aankondiging van die heil in Christus wat as die *nuwe* boodskap gebring word, bring ons meteens op die sendingveld. Dit stel die heiden wat nog nooit van Christus gehoor het nie, voor 'n onverbiddelike keuse. Ons kan dit ook noem "*die eerste prediking*" waardeur die

kerk tot stand kom. Dit is die prediking wat lei tot die doop en dit moet onderskei word van die "tweede prediking" wat as "leer" (Grieks: didaskein) die gemeente moet opbou en wat aldus van die doop af uitgaan.

2.6 Die prediking as "leer" of "onderwys" (Grieks: didaskein: "regwys" of "teregwys")

Terwyl die prediking as aankondiging (kerugma) die werk is van 'n herout wat 'n nuwe boodskap bring, gaan die prediking as *leer* of as *onderwys* die reeds bestaande gemeente verder inlei in die heilswaarhede aangaande Christus. Dit is eintlik 'n *voortgesette prediking*. Ons lees bv. van Apollos dat hy "die dinge aangaande die Here noukeurig *geleer*" het (Hand. 18:25). Paulus het onder die Korinthiërs "die Woord van God onder hulle *geleer*" (Hand. 18:11). Ook lees ons dat die apostels die volk *geleer* het en dan is dit baie duidelik dat daarmee die gedoopte volk bedoel word (Hand. 4:2).

In hierdie prediking het ons met 'n besliste *opdrag* van Jesus Christus te doen. Saam met die *sendingsbevel in Mattheüs 28:19* beveel Jesus sy apostels: " ... en *leer* hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het!"

So maak Jesus 'n duidelike onderskeid tussen die prediking wat lei tot die doop en die prediking wat volg op die doop. Hier het ons dus 'n prediking aan die verbondsgemeente in onderskeiding van die *sendingsprediking* aan die ongedoopte heidendom.

En tog, alhoewel ons hierdie duidelike onderskeiding tussen die sendingsprediking (kerugma — aankondiging van die heil) as die *eerste prediking* en die *prediking* aan die gemeente (kerk) wat reeds daardeur tot stand gekom het as die *voortgesette prediking* (leer, onderwys) moet handhaaf, moet ons oppas vir waterdigte kompartemente waardeur die een soort prediking radikaal van die ander geskei word. In die praktyk kan dit dan 'n geforseerde spanning tussen die "vermeerdering" en die "bewaring" van die kerk in die hand werk. So kan die gemeente wat nooit die "kerugma" hoor nie, homself gaan terugtrek en sy roeping tot sending en evangelisasie verwaarloos. Aan die anderkant kry ons dat as daar op die *eerste prediking* (bv. op die sendingveld) nie die opbouwerk met die "didaskein" volg nie, dat daar naderhand 'n stagnante toestand intree, en die gevaar om weer die prooi te word van die heidendom, word wesentlik.

Na Pinkster sien ons die apostels wat in hulle prediking die volle bevel van Mattheüs 28:19, 20 uitvoer. Juis in die boek *Handelinge* is dit duidelik dat die terme "verkondig" en "leer" in één sin gebruik word (vgl. 5:42, 4:2, 15:35, 20:20, 28:31). Dit is die twee uitstaande kenmerke van die apostels se prediking. Tog is daar onderskeid:

Die *verkondiging* (kerugma) vertel van die groot verlossingsdade van God in die Messias, Jesus Christus, reddingsdade van die verlede, hede en toekoms. Dit roep die hoorders dan tot 'n keuse.

Die *leer* van die evangelie, het egter betrekking op God se wil wat nou ná die aankondiging van die verlossing, moet uitgevoer word — gehoorsaamheid word gevra.

2.7 Die prediking as getuienis (Grieks: "marturion")

Ons lees in die Heilige Skrif dat Christus sy apostels tot sy getuies geroep het, bv. Lukas 24:48 en *Handelinge* 1:8. Hier kry ons die gedagte van die *regbank* of 'n hofspraak. 'n *Getuie* is iemand wat op grond van wat hy *gesien* en *gehoor* het en proefondervindelik meegemaak het, sekere feitemateriaal in die regsding na vore bring.

Volgens *Handelinge* 2:32, 3:15, 5:32, 10:39, 13:31 ensovoorts sien ons die apostels optree as

sulke getuies. Hulle is nie maar bloot *verslaggewers* of "nuusmanne" wat 'n berig deurgee nie, maar hulle doen baie meer, nl. dat hulle hul hoorders oproep om te glo in Jesus Christus. Om getuie te wees, is om met die feitemateriaal die mense te oortuig, om hulle op te roep tot bekering. Ons vind die gedagte ook in die Ou Testament, bv. in Jesaja 43 en 44 word Israel voorgestel as die HERE se getuie om die volkere te oortuig van die feit, dat Hy alléén God is.

Die prediker van die evangelie sal ernstig moet waak dat hy die Bybelse betekenis van die "getuienis" nie gaan afwater tot persoonlike, gemoedelike "sielservaring" nie, maar dit altyd moet sien as die werklike feite van die waarheid oor wat Jesus Christus gedoen het — Sy kruisdood, Sy opstanding, Sy hemelvaart, Sy uitstorting van die Heilige Gees en in die toekoms: Sy wederkoms.

Maar nou kan hierdie getuienis omdat dit die waarheid is, 'n groot las, 'n swaar taak, vir die getuie word. Deur sy getuienis kan hy *gemartel* word. Dit is dan ook baie treffend dat die woord *getuie* in die Bybel volgens die oorspronklike taal ook *martelaar* beteken.

Om 'n getuie van Jesus te wees, om die feitemateriaal i.v.m. sy koms, sy kruisiging en sy opstanding voor die wêreld te verklaar, beteken in sy uiterste konsekwensie *martelaarskap*.

Ons kry dus hier met die prediking as *lyding* te doen. In die hele Nuwe Testamentiese prediking kry hierdie lydingsaspek dan 'n besondere aksent. Maar alreeds die profete van die Ou Testament moes as *getuies* ly. Johannes die Doper moes as getuie optree en Jesus Self word genoem die waaragtige en getroue *getuie*. Die apostels tree op as getuies met die volle konsekwensie dat dit selfs hulle dood kan beteken.

Maar hieruit volg ook dat alle predikers van die Evangelie en ook elke navolger van Christus tot aan die voleinding geroepe is om as *getuie* (met die konsekwensie as dit nodig is *martelaar* te wees) vir Jesus Christus op te tree. Ja, die hele kerk kan, as hy getrou bly, nooit meer aan hierdie roeping ontkom om as 'n *getuie* te midde van die wêreld te staan en ter wille van hierdie getuienis gesmaad en vervolgt te word nie! En die prediker wat versuim om hierdie *lydingsprediking* met al sy moontlike konsekwensies aan die gemeente voor te hou naas die "kerugma" en "didakein", is nalatig om die opbouwerk aan die kerk in hierdie bedeling voort te sit tot voltooiing. Ook die gemeente wat dit nie wil aanvaar dat 'n dienskneg nie meer is as sy heer nie en verder nie in navolging van Christus die kruis wil opneem nie (Matt. 16: 23), leef onder die illusie dat ons hier op aarde "triumferende kerkie" kan speel.

2.8 Die prediking van die Woord is God se middel om die kerk te vergader

Sonder die prediking van die Woord, is die bestaan van die kerk ondenkbaar. As God nie van die begin van die wêreld af sy Woord gespreek het nie, en as Hy nie daarmee deur die eeue voortgegaan het nie, vandag dit nog doen nie en tot aan die voleinding daarmee sal aanhou nie, dan sou daar nie so iets soos 'n kerk gewees het nie! Trouens, die prediking van die Woord is die een uitsluitlike middel waardeur "die Seun van God in die krag van die Heilige Gees vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is vergader, beskerm en onderhou". So het ons vaders in die tyd van die Reformasie dit vierhonderd jaar gelede op grond van die Skrif bely. (Sien die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, en let veral op die verskeidenheid Skrifgedeeltes). Toe dit juis die prediking was wat weer die kerk uit die vervalde puinhope van Rome teruggelei het, toe het hulle ook weer meteen die Goeie Herder Jesus Christus gesien. Daarom kon hulle so nadruklik verklaar: *Die Seun van God vergader! Hy doen dit met sy Woord! En die Gees werk daardie Woord!*

As ons verder hierdie belydenis oor die kerk gaan ontleed volgens die Skrif, dan gaan daar groot perspektiewe oop, juis met betrekking tot die plek van die prediking in die kerk. Dan sien ons iets van die geweldige rykdom van God se ontferming en genade oor ons gevalle

mensdom wat in die greep van die dood gekom het omdat ons onself aan satan oorgegee het. Die hele verloop van God se daad soos wat dit gaandeweg in die Bybel ontvou, maak ons oorstelp van *die wonder van die kerk*. Ons sien God se Liefde en genade daarin dat Hy 'n Herder gegee het om weer gevalle mense bymekaar te maak en hulle terug te lei tot die heerlijkheid van God.

En hierdie Herder is nou niemand anders as God se eie Seun Jesus Christus nie! Maar nou moet ons die plek van die prediking in hierdie vergaderingswerk van Christus goed raaksien, anders maak ons foute.

Ten eerste moet ons God se *verkiesing* nie vergeet nie. Sodra ons van *kerk* praat, dan kry ons te doen met "'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is". God het 'n ewige *voorneme* wat aan sy daade in die geskiedenis voorafgaan. Maar nou gaan Hy hierdie voorneme in daade omsit "in Christus". (Vgl. die brief aan die Efesiërs, hoofstuk 1, en die uiteensetting van dr. J. H. Roberts in sy *Die opbou van die kerk volgens die Efese-brief*, p. 43 e.v.).

In Lukas 10:20 hoor ons Jesus sê: ". . . julle moenie daarvoor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liever bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is."

Dit is eenvoudig die feit wat vooraf vasstaan: *daar is name opgeskryf in die hemele*, name van kinders van God volgens sy welbehag (Ef. 1:5). En toe God die Vader hierdie name opgeskryf het, het Hy gesê: Ek wil hulle by My hê; toe het die Seun gesê: Ek sal hulle Herder wees wat hulle vergader; en toe het die Heilige Gees gesê: Ek sluit My aan by die werk van die Vader en die Seun.

So word die kerk vergader in die geskiedenis "van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe".

Maar die punt wat dan juis hier van soveel ernstige belang is, is dat God sy kerk vergader deur sy Woord. Hy het in die ou tyd gespreek en Hy spreek in hierdie laaste dae.

Na die sondeval kom God tot Adam en Eva met sy Woord in die moederbelofte (Gen. 3:15) en daarin hoor ons die stem van die Goeie Herder wat sê: Volg My! As God die geskiedenis met sy volk Israel begin, dan begin Hy deur met sy Woord tot Abram te kom: "En die HERE het aan Abram *gesê*: Gaan uit jou land . . . ". Hierdie Woord bring dan die groot omwenteling in die lewe van Abram, en wat sien ons? Van uit Ur van die Galdeërs moet Abram die Verbondsgod op sy Woord volg. God het gespreek tot die vaders . . . Ook Isak ontvang die belofte: "Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, *omdat Abraham na My stem geluister het* ..." (Gen. 26:4). Van geslag tot geslag gaan God voort om te spreek ... Sy Woord word van vader tot kind oorgelewer.

En as die HERE Israel uit die huis van slawerny gaan verlos, dan doen Hy dit deur ten eerste sy Woord te spreek by die brandende doringbos in die woestyn Midian (Ex. 3:3 e.v.). So kan die volk alleen op die Woord van God trek en gaan die see voor hulle oop en gaan hulle pad deur die woestyn. Dan kom die berg Sinai en die Woord wat daar gespreek word, word die grondslag, die norm en die stukrag van Israel se lewe. Moses moet voortdurend die Woord van God oordra. Later kom die rigters en konings en die HERE stuur profete. Israel se geskiedenis word een groot optog agter die stem van God aan. In hulle huisgesinslewe, in hulle sosiale lewe en politiek word hulle maar aldeur geroep: *Volg my!* En as die volk hierdie Woord verwerp, dan kom daar teëspoed en onheile ... die vergaderingswerk word dan teëgestaan; die kerk word dan met die verwerping van die Woord geboikot!

Die heerlijkheid van hierdie een besondere weg van die Woord wat God as uitsluitlike middel gebruik om sy kerk te vergader, te lei en te regeer, word pragtig deur die profet Jesaja

besing: "Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvochtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal my Woord wees wat uit my mond uitgaan; dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur" (Jes. 55:10).

Hier staan dit so duidelik soos moontlik: Die Woord van die HERE is die middel waardeur Hy dinge *doen* wat Hom behaag!

So het God dwarsdeur die Ou Testament gespreek tot die vaders deur die profete en algaande sy kerk vergader.

Kom ons nou tot die Nuwe Testament, dan breek die tyd aan dat God nou direk gaan spreek deur sy Seun (Heb. 1:1). Maar dit beteken nie 'n *nuwe* Woord en ook nie 'n *nuwe* middel waardeur die kerk verder vergader word nie. Intendeel, Jesus en die apostels het juis altyd by die Ou Testament aangesluit en dit kragtig bely. Paulus druk dit so treffend uit in Titus 1:2 e.v. Wat God van ewigheid af beloof het, het Hy op die regte tyd bekend gemaak deur die prediking wat o.a. aan Paulus toevertrou is.

Op die vraag hoe mense tot geloof kom, of anders gestel, hoe God mense aan Hom verbind en hulle dus in die kerkgemeenskap inlyf, gee Romeine 10:14 'n duidelike antwoord: "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?"

Ook die apostel Petrus stel die immer-noodsaaklike werking van die Woord pertinent op die voorgrond as hy die kerk in verstrooiing wil troos: ". . . julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, *deur die lewende woord van God* wat tot in ewigheid bly" (1 Petrus 1:23).

Calvyn, die groot prediker in die tyd van die Reformasie, stel die noodsaaklikheid van die verkondiging van die Woord vir die kerk so oortuigend in sy Institusie dat dit voortdurend soos 'n refrein terugkom: Die kerk word op geen ander wyse gebou as deur die prediking van God se Woord nie! (Vgl. II, i.5). By alle verskille wat daar moontlik by die Hervormers kon bestaan, was daar oor hierdie punt 'n gemeenskaplike opvatting, nl. dat die kerk alleen "solo verbo" (alleen deur die Woord) kan bestaan. Juis daarom sal ons nooit moet vergeet dat ons belydenis 'n *reformatoriese* belydenis is nie.

Word daar gevra hoe ons weet dat Jesus Christus ons Middelaar is, dan is die Heidelberger nie skaam om te antwoord: "Uit die Evangelie ..." nie. Moet hy antwoord op die vraag wat "vir 'n Christen nodig is om te glo", dan staan hy nie skugter opsy om eers te soek na 'n redenasie nie, maar hy weet, "alles wat ons in die Evangelie beloof word". Word hy geroep om rekenskap te gee waar dat die geloof vandaan kom, dan ken hy die adres: "Van die Heilige Gees wat die geloof in die harte werk deur die verkondiging van die heilige Evangelie . . ." (Vgl. Sondae 6, 7,25).

Waar kom die kerk vandaan? Dit was die Bybel wat Ursinus en Oliveanus (skrywers van die Heidelbergse Kategismus) laat antwoord het: Christus vergader deur sy Gees en Woord! (Sondag 21).

Daar is geen kerk sonder die Woord nie! Maar hier kom meteen 'n baie aktuele vraag na vore: Is daar in hierdie wêreld prediking van die Woord sonder die kerk?

2.9 Die verhouding Heilige Gees, prediking van die Woord, kerk

Hier geld in besonder die Skrifwoord: Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Heeltemal te veel word daar in die teologie gevaarlike skolastieke (skoolse navolging van

ouer teoloë sonder nuwere besinning van die Skrif) konstruksies ontwikkel oor die verhouding "Woord en Gees" of "Kerk en Woord" sodat daar naderhand valse probleemstellings ontstaan asof dit gaan om die een *of* die ander. Wie is dit nou wat in die prediking *werk*? Daar is mense wat sê: die Heilige Gees doen alles en die Woord is van minder belang (die mistieke rigting en geesdrywers). Ander (die Roomse en tot 'n mate die Lutherse) sê weer dat die Gees opgesluit is in die prediking. Vir die een groep is die Woord iets doods en vir die ander is dit weer 'n magiese middel. Ons wil hier nie op besonderhede ingaan nie, maar slegs wys op 'n paar gevaarlike foute wat dikwels in die prediking gemaak word, as ons nie 'n korrekte siening van die verhouding Heilige Gees—Woord—kerk het nie.

Die grondgevaar is dat ons hier waterdigte kompartemente gaan maak en 'n radikale skeiding aanbring tussen Gees, Woord en kerk. Ons ontdek dit reeds in sekere afgesaagde uitdrukkings wat oor en oor op die kansel in preke en gebede gebruik word. Daar word bv. gebed: "Laat U Gees nou in ons midde kom". Dit kan reg bedoel wees, maar die gevaar bestaan tog om as volg te dink: Ons het wel die prediking van God se Woord in ons midde, maar dit is nog 'n oop vraag of die Heilige Gees ooit daar is. Of dit gebeur soms dat die prediker na die preek sal bid: "Laat die Heilige Gees die naprediker wees". As die gemeente dit tog maar reg Bybels verstaan, dan kan dit nie verkeerd opgevat word nie, maar die gevaarlike misvatting waarmee die gemeente huis toe gestuur kan word is: ons het hier in die kerk alleen maar die Woord gehad, maar daarna gaan die Gees nou bykom!

Of daar kan onder kerklidmate 'n valse gerustheid leef dat alhoewel hulle maar moedswillig wegbly van die prediking, hulle gewetes tog skoon voel omdat hulle nog die Heilige Gees besit. Hierdie laaste dwaling word ook in die hand gewerk deur die verrottende invloed van die mistieke geesdrywery. Dat 'n mens onder die waan kan leef dat jy alleen gemeenskap kan hê met die Heilige Gees *sonder die Woordprediking*, kan selfs 'n gereformeerde se godsdiens uithol tot iets soortgelyks aan 'n Boeddhistiese of Mohammedaanse mistiek.

Eers as ons getrou bly aan die Skrif, dan vind ons uit dat daar 'n onskeibare band bestaan tussen *Gees, Woord en kerk*.

Dit was veral die Duitse teoloog Eichrodt wat weer ons oë daarvoor oopgemaak het dat al die uitsprake in die Skrif oor die Woord en die uitsprake oor die Gees, mekaar eenvoudig kruis. Daar is 'n duidelike verrassende parallel tussen die twee reekse Skrifgedeeltes in so 'n mate dat wat in die een geval oor die Woord gesê word, in die ander geval ook aan die Heilige Gees kan toegeskryf word (Vgl. B. Holwerda: *Populair-wetenskaplike bijdragen*, p. 14).

Ons belydenis het dit so duidelik geformuleer: Die geloof kom van die Heilige Gees, maar Hy werk dit deur die verkondiging van die Evangelie.

Maar ook die kerk kan nie losgemaak word van die Heilige Gees nie. Aan die kerk in Efese skryf die apostel Paulus: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God *in die Gees*" (Ef. 2:19-22).

Samevattend kan ons dit min of meer soos volg formuleer: As ons die verhouding tussen kerk en Woord reg wil verstaan, dan moet ons onthou dat albei die resultaat is van die Heilige Gees. Wie in die kerk wil arbei en besig wees sonder om te onthou dat die kerk se oorsprong, groei en geskiedenis die werk van die Heilige Gees is, begaan flaters. En dieselfde geld vir die Woord.

Daar is geen prediking van die Woord sonder die Heilige Gees nie en so ook geen gemeente van Christus nie. *As ek dus die Heilige Gees wil ontmoet, dan moet ek gaan na die plek waar*

die Woord gepreek word en daar sal ek ook meteen die adres van die kerk vind.

2.10 Die prediking van die Woord as die merkteken van die ware kerk

Die prediking van die Woord is van só 'n kardinale betekenis en dit neem só duidelik sentraal sy plek in die kerk in, dat nagenoeg alle Reformatoriese belydenisskrifte dit sien as die eerste merkteken van die *ware kerk*. Ons eie Nederlandse Geloofsbelydenis doen dit in artikel 29. In 'n tyd van groot ekumeniese beroeringe gee hierdie punt vir baie kerkleiers moeilikheid en so vind ons by sommige van hulle 'n tendens om die skerp onderskeiding tussen ware en valse kerk wat die vaders bely het, *histories* te verklaar en dat dit alleen van toepassing was vierhonderd jaar gelede. Maar so maklik gaan dit nie. Dwarsdeur die Heilige Skrif vind ons reeds die onderskeiding tussen v/are en valse kerk. Lees bv. Esegïel hoofstukke 8-10 en 13. Waar die Woord is, daar is die kerk. Dink ook aan Romeine 9-11 en die feit dat die vergadering van die Jode "sinagoge van die satan" genoem word. Telkens kry die volk van God te doen met valse profete en apostels.

In die kerkgeskiedenis sien ons dan hoe dit telkens nodig was dat "met ywer en versigtigheid uit die Woord van God onderskei moet word wat die ware kerk is, aangesien al die sektes wat teenswoordig in die wêreld is, hulle met die naam van die kerk dek". Reeds in die stryd teen die Donatiste in die vierde eeu na Christus het Augustinus gesê dat dit oor die vraag gaan, waar die kerk is. Is die kerk gegrond in die woorde van mense of in die woorde van Christus? Dit was ook Calvin wat hom op Augustinus beroep het en vanuit die Skrif die ware kerk duidelik aangedui het as die kerk waar die Woord suiwer gepreek word teenoor *Rome* en die *Anabaptiste* (Vgl. Institusie, IV, i, 8 e.v.).

By Rome het die prediking van die Woord geen plek om die ware kerk te tipeer nie, maar wil die feit dat daar *wonders* in die kerk plaasvind (dink bv. aan Lourdes in Frankryk waar sogenaamd siekes genees word), *hoe groot die lidmatetal* van die kerk is, hoe *oud* die kerk is en die *apostoliese suksesie*. Die onhoudbaarheid hiervan, ook al sou protestantse kerke een of meer van hierdie kenmerke gebruik om aanspraak te maak op bestaansreg, kan konsekwent van uit die Skrif weerlê word. Dit gaan nie oor die *oudste* kerkgebou of dokumente of *hoeveel* van die volk aan die kerk behoort nie, maar of daar *reg gepreek* word! As sulke menslike oorwegings soos die ouderdom of die getalle in die Skrif bepalend sou wees, dan sou die Joodse Sanhedrin die offisiële bewyse aan hulle kant gehad het teenoor die Nieu-Testamentiese kerk in Handeling 1. Dan sou ook die seweduisend wat in die tyd van die goddelose Agab die knieë voor Baal nie gebuig het nie, geen aanspraak op die ware kerk gehad het nie. Ook die belofte van Christus aan die twee of drie wat in sy Naam vergader, sou dan weinig te sê gehad het.

"So sê die HERE . . . ". Dit is nie alleen die enigste norm in die kerk van die Ou Verbond nie, maar dit is *altyd* die norm. Die oomblik as die kerk hiervan gaan afstand doen, dan hou hy op om kerk te wees. In die Nederlandse Geloofsbelydenis gaan dit in artikel 29 dan ook daarvoor dat die suiwer prediking 'n *gewoonte*, 'n reël moet wees. Met ander woorde 'n kerk word nog nie as 'n *ware kerk* bestempel as die dominee maar so nou en dan 'n goeie preek lewer nie en oor die algemeen is dit maar menslike wysede wat Sondag na Sondag voorgedra word. (Die Latynse teks het in art. 29 "uti" en "obtinere").

Loslating van die Woord in die kerk word 'n uiters gevaarlike spel, veral uit die gesigspunt dat die valse kerk geken kan word as 'n instelling wat "aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag (toeskryf) as aan die Woord van God en hom nie aan die juk van Christus (wil) onderwerp nie" (art. 29, N.G.B.). Paulus noem dit in 1 Korinthiërs 4:6 om te dink *bo wat geskrywe is*. Dit wil sê: die kerk van Korinthe mag nie die bestaande Skrif, nl. die Ou Testament, verag nie. En dit is die ergste wat ooit met 'n kerk kan gebeur: dat hy hom nie

meer aan die Woord van God steur nie en aan sy eie "ordinansies" meer gesag toeskryf. Dan kry ons te doen met hiërargie in die kerk en dan kan dit selfs gebeur dat 'n kerk mense wat nie met hom saamstem nie gaan uitwerp om van hulle maar liever ontslae te raak, as om die selfverloënende weg van die Skrif te gaan. Maar kyk ons na die prediking van die apostel Paulus, dan kom ons spoedig diep onder die indruk daarvan dat hy altyd doodbang was daarvoor dat hy hom sou verhef bokant die Skrifte. Telkens kom dieselfde refrein na vore: volgens die Skrifte! "Christus het vir ons sondes gesterf *volgens die Skrifte* ..." "Hy is opgewek volgens die Skrifte" (1 Kor. 15). "Want wat sê die Skrif?" (Rom. 4:3, 9:17, 10:11, 11:2 ens). Die prediking van die Woord vorm nie maar net 'n onderdeel van die kerk se aktiwiteite nie, maar juis daardeur beheers die Heilige Gees die hele kerklike lewe. Dit bepaal die leer, dit gee die norm vir die ampsbediening, dit reguleer die tug. Die Heilige Gees leer die kerk deur die prediking om reg te bid en seker te maak van die lied wat hy sing. Die ampsdraers dra die prediking in die huise van mense in en bring vertroosting en vermaning. Die gemeente dra die prediking wat hulle die vorige Sondag en vantevore gehoor het, na hulle werkplekke en op die basuin van die Woord word die leërmag van Christus opgeroep om die stryd van die evangelie op alle lewensterreine te voer. Die prediking is nie maar net die monoloog van die predikant vir 'n uur of twee op die Sondag nie, maar daardeur kom die hele gemeente in beweging.

2.11 Die prediking en die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament

Een van die grootste ellendes wat in die kerk kan intree, is onkunde oor die Heilige Skrif. En as dit eers sou gebeur dat die bedienaars van die Woord self nie eens meer kennis het oor wat die Bybel eintlik is nie, dan gaan dit skeef met die prediking en gevolglik gaan die gemeente kwyn. As die Bybel nie meer in sy geheel gesien word as die *een* Woord van God nie, maar slegs as 'n bloemlesing van los fragmente, dan word die prediking ook naderhand 'n poging om los tekste willekeurig te behandel sonder om erns te maak met die verband van die Skrif in sy geheel. Daarby bestaan daar dikwels by predikers 'n luie traagheid om werklik seker te maak *wat* alleen moet gepreek word.

Een van die grondoorsake van die onkunde oor die Skrif, is die verwarring in die teologie en ook onder die kerkmense oor die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament. Wat dr. A. Kuyper noem "een gestadige, regelmatige en organiese voortgang" van die begin van die Ou Testament af na die Nuwe Testament, of wat andere noem, die "kontinuiteit tussen beide Testamente", of wat die Heilige Skrif self noem dat "ons nie (moet) bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan . . ." (Heb. 6: 1), word veelal misken. So word die kerklike trein dikwels vanaf die kansel teruggerangeer om op 'n sylyn van 'n stasie in die Ou Testament te gaan staan.

Ons moet onthou dat ons in die *nuwe* bedeling leef — in die tydperk *ná* Pinkster. En daarom *moet* ons die Ou Testament lees in die lig van die Nuwe Testamentiese vervulling en daarom kan dit nie anders nie dat ons die sin en betekenis van 'n teks in die Ou Testament helderder sal sien as hulle wat nog voor die vervulling geleef het. Dink aan die Emmausgangers (Luk. 24:13 e.v.). Hulle het die Ou Testament nog nie goed begryp nie totdat die *opgestane* Jesus begin het om "van Moses en al die profete af (dit) vir hulle uitgelê en in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (vers 27).

Ons onderneem soms die moeitevolle taak om met 'n flou flitsliggie dowwe paadjies onder die skaduwees van die Ou Testament te gaan soek, sonder dat ons nog ooit raakgesien het dat die hele geskiedenis van die Ou Verbond helder verlig word onder die skerp skynwerpers van *Golgota* en die *oop graf* en *Hemelvaart* en *Pinkster!* En daarom kom die Nuwe Jerusalem ook so min werklik in ons gesigsveld en bly staan die preek maar net by stereotipe

uitdrukkings oor die wederkoms wat aan die preke mooi klankvolle eindes moet besorg.

Dat ons hier te doen het met een van die mees aktuele vraagstukke in die prediking vandag, bewys die stroom van literatuur oor die onderwerp van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testamente wat sy weg na die toonbanke van teologiese boekwinkels vind, maar helaas nie altyd na die studeertafels van predikante nie.

Ons moet terug na die Skrifgebruik waarin ons die Bybel met sy twee testamente eer as die *één* Woord van God wat aan ons deur Jesus Christus toevertrou is en wat aan ons die koninkryk van God open.

Nou is Hebreërs 1:1 (en ook die hele Hebreërbrief) 'n sleutelteks tot die regte verstaan van die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament: "Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae gespreek deur die Seun".

Hieruit leer ons nou die volgende:

Daar is *ten eerste* 'n wonderlike *eenheid* tussen die Ou en Nuwe Testament. Dit is geleë in die *spreke* van God. Hy het in die ou tyd *gespreek* en in die laaste dae *spreek* Hy nog. Dieselfde God wat Hom in die outyd (Ou Testament) geopenbaar het, bekend gestel het deur te praat, doen dit ook in die laaste dae (die Nuwe Testament). Hierdie God is die Vader van Jesus Christus en daarom kan die Nuwe Testament hom op die Ou Testament beroep vir die heilsaankondiging en vir die groot gebod van die liefde. En so kan die toekomsverwagting van die Nuwe Testament 'n antwoord gee op die verwagting van die Ou Testament.

Omdat Christus sy kerk vanaf die begin af vergader deur die spreke van God (sy Woord), is die *kerk* van die Nuwe Testament nie 'n ander kerk as die van die Ou Testament nie. Die kerkgeskiedenis "in hierdie laaste dae" is eenvoudig 'n voortsetting van die geskiedenis van die volk Israel. En ook die *spreke* deur die Seun is 'n voortsetting van die spreke in die ou tyd. Daar kan eenvoudig nie 'n "*nuwe*" sonder die "*oue*" wees nie. (Ons het reeds vantevore daarop gewys hoedat Jesus en die apostels voortdurend aansluit by die Ou Testament. Vergelyk ook Paulus se beroep op die "Skrifte"). Nog heerliker kom hierdie eenheid tussen die twee testamente na vore in Jesus se eie woorde as Hy die Fariseërs tereg wys omdat hulle van die Ou Testament iets maak *sonder* die Christus: "Julle ondersoek die Skrifte omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie . . . Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle My woorde glo?" (Joh. 5:39,40,46,47).

As hierdie eenheid en intrinsieke band tussen die Ou en die Nuwe Testament nie altyd vasgehou word nie, word daar groot foute op die kansel begaan. Die kerkgeskiedenis is vol daarvan. Dan kom daar maklik soos wat Kuyper reeds in 1895 aangetoon het, "misvattingen en dwaalbegrippen, verkeeringen en verkortings van de waarheid".

(In die lig hiervan as die eenheid tussen O.T. en N.T. geloën word, word dit dan ook werklik 'n vraag of die grootskaalse verspreiding van Bybels sonder die Ou Testament kan aangemoedig word. Reeds Marcion, die ketter van die tweede eeu n.C. het die kerk op die dwaalspoor probeer lei deur te leer dat die Ou Testament nie nodig is nie. Selfs in ons huidige tyd heers daar onder mense die opvatting dat eintlik alleen die Nuwe Testament "evangelie" is, want dit verkondig die "God van Liefde" terwyl die God van die Ou Testament 'n "demon" is. Vergelyk in hierdie verband die werk van Paul Volz: "*Das Damonische in Jahve*").

Maar *ten tweede* is daar die *skynbare teenstelling* tussen die Ou Testament en die Nuwe

Testament. Die "ou tyd" staan teenoor "hierdie laaste dae"; die "baie maniere" staan teenoor die een manier: "deur die Seun"; "tot die vaders" staan teenoor "ons". Trouens, nie alleen Hebreërs 1: 1 nie, maar die hele Hebreërbrief beklemtoon hierdie tweërlei spreke van God . . . "Toe" was dit só, "nou" weer só. Nou is daar 'n "voortrefliker bediening", 'n "beter verbond", "beter beloftes", "'n nuwe verbond" (vgl. Heb. 8:6, 13). Maar nie alleen die Hebreërbrief trek vergelykings tussen die Ou en Nuwe Testament om die uitnemender rykdom van die laaste aan te toon nie. Kyk bv. wat die apostel *Paulus* skryf in 2 Korinthiërs 3:7 e.v. As ons eers werklik hierop ingaan, dan word hierdie skynbare teenstelling al hoe meer duidelik. Dink bv. aan die gebod van die liefde vir die vyande in Jesus se Bergrede (Matt. 5 e.v.) teenoor die wraak- en vloekgebede in die Psalms. So kan daar talle voorbeelde na vore gebring word.

En om 'n oplossing te bied in hierdie *skynbare teenstelling* tussen die Ou en Nuwe Testament, het nie alleen teoloë groot verwarring gesaai nie, maar is menige gemeente ook huis toe gestuur wat die geloof eerder afgebreek het as opgebou het. Hier is dit dikwels nie opset nie, maar onkunde wat ewe vrypostig aangebied word as "die Woord wat spreek".

Waar staan die teks waaroor die preek gaan in die Bybel? Nie maar net die feit dat die prediker 'n Bybelteks *neem*, maak die preek die verkondiging van God se Woord nie — maar die *verklaring* van die teks gee die antwoord. Die verklaring, die *uitleg*, is terselfdertyd die strengste kontrole van die *hele Skrif* self. Ja, *waar* staan die dominee se teks? Maak dit nie saak nie? Laat ons maar slegs een voorbeeld gee hoe daar kan gedwaal word as die prediker roekeloos word met sy tekskeuse en die nodige respek wat hy vir die Skrif in sy skynbare verskil tussen die Ou en Nuwe Testament moet koester.

In 'n preek oor die radio in die sestigerjare was die teks Genesis 36:24: "Dit is die Ana wat die warm fontein in die woestyn gekry het toe hy die esels van sy vader Sibeon opgepas het."

Nou was die prediker se verklaring soos volg: "Wat 'n wonderlike uitkoms en troos was dit vir die seun Ana om daar in die dorre woestyn by die heerlike waterfontein uit te kom. So het God ook aan ons Sy lewende water gegee. Soos die Samaritaanse vrou by die put gee Jesus aan ons die lewende water waarvan ons nooit meer sal dors word nie!" En op hierdie gedagtegang het die prediker verder en verder gespin totdat sy preek klaar was.

Maar dit was allesbehalwe God se Woord! Onder die dekking van Bybeltekste wat willekeurig uit die Ou en Nuwe Testament saamgevoeg word, was daar nou "'n preek" sonder dat die Skrif ooit verklaar is. Hier is selfs nie eens kennis van die teologiese skool nodig om die "preek" te ontmasker nie, maar slegs die heel eenvoudige kennis van die Bybel wat selfs die mees ongeleerde mens kan besit. Die getroue Bybelleser sal as Skrifgelowige dadelik raaksien dat die *teks*, Genesis 36:24 geneem is uit die geslagsregister van *Esau*. M.a.w. hier het ons te doen met iemand wat nie in die verbond van God is nie, maar hierdie Ana is 'n goddelose buitekant die kerk. Hoe kan daar dan ooit met die Nuwe Testament so 'n *verbinding* vanuit die Ou Testament gemaak word tussen die warm fontein wat die nasaat van *Esau* ontdek het en die put van *Jakob* waar Jesus die Samaritaanse vrou ontmoet? Hier het ons nog bowendien 'n tipiese voorbeeld waarin veragting van die verhouding Ou en Nuwe Testament ook hand aan hand gaan met luiheid om eksegesi (die verklaring van 'n teks uit die grondtaal) te doen. Die prediker het nie eens gehuiwer vir die radio nie, anders sou hy ten minste agtergekom het dat die woord vir "warm fontein" ook kan vertaal word met "muile" wat meteens aan die teks 'n heel ander betekenis gee!

Om terug te kom tot 'n suiwer beskouing van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. Ons kan dit alleen reg verstaan as ons beide, die *eenheid* en die *teenstelling* handhaaf. Maar dan is dit nie 'n geval van die een óf die ander nie, maar die een en die ander. Dat God,

volgens Hebreërs 1:1, in die ou tyd tot die vaders deur die profete op baie maniere gespreek het, en in hierdie laaste dae deur die Seun . . . beteken nie 'n *wesentlike* verskil nie, maar wel 'n *formele* verskil en 'n *temporele* verskil, of eintlik is dit 'n verskil in *intensiteit*. Vanaf die Ou Testament na die Nuwe Testament was daar 'n *heilige ontwikkeling*. Soos die knop van 'n blom wat groter en groter swel totdat dit naderhand oopgaan, so bring die Nuwe Testament t.o.v. die Oue die "heerliker verbond" en "'n voortrefliker bediening". Die knop en die blom is nie twee losstaande eenhede nie, maar die blom is in die knop en die knop word die blom. Vergelyk hoedat die Skrif dit self beskryf in 2 Korinthiërs 3:7 e.v. Hoeveel te meer is die bediening van die Gees (bedoelende die bediening van die Nuwe Testament) dan nie in heerlijkheid nie!

Die gevare vir die kerk as die regte verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament nie meer in die prediking raakgesien word nie, is legio. Oppervlakkige Skrifverklaring, menslike bespiegelings, fantasieë om nie eers te praat van growwe valshede nie kom dan soveel makliker op die preekstoel. Gewoonlik word daar dan hoofsaaklik in twee uiterstes verval en so land die kerk in 'n onmoontlike situasie: Aan die een kant tree *verstarring* na vore en aan die ander kant *profane ligsinnigheid* en soms kom selfs beide in dieselfde kerk voor. In die een geval word die "oue" ten koste van die "nuwe" verkondig en aan die ander kant die "nuwe" ten koste van die "oue".

As die Ou Testament dan ten koste van die Nuwe Testament verkondig word en die heilige ontwikkeling van die Openbaringsgeskiedenis vanaf die ou tyd na die laaste dae toe die oue in Christus vervul is, nie meer raakgesien word nie, dan begin die gemeente "Ou-Testamenties" leef. Dan is dit of die preke die newels en skaduwees wat oor die ou volk Israel gehang het probeer aandryf na die Nuwe Testament. Laat ons dit aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik:

Gestel *Psalm 84* is die teks vir 'n preek, "Hoe lieflik is u woning, o HERE van die leërska!" Nou kan ek met baie mooi woorde hierdie Psalm so verklaar dat die gemeente sonder dat hulle dit miskien self agterkom, laat voel asof hulle nog leef in 'n tyd eeue voor Christus. Die tema is dan eenvoudig dat ons vandag ook so moet verlang na die huis van die HERE as die digter van Psalm 84. Maar dit is tog onmoontlik! Die digter is tog een van die kinders van Korag (vgl. die sonde van Korag, Datan en Abiram) en daarom mag hy nie ingaan tot binne in die heiligdom van die Ou-Testamentiese tempel nie; hy is maar slegs 'n drumpelwagter (vers 11) en hy is jaloers op die mossie en die swaweltjie. Hierdie Israeliet van die ou verbond is dus in groot armoede en daarom kan sy toestand tog nie as die ideale eindpunt vir die Nieu-Testamentiese kerkganger wees nie. Nee, eers as ons raakgesien het dat deur Christus se sterwe aan die kruis die tempelgordyn geskeur het, waardeur die heiligdom nou oop is vir almal (ook kinders van Korag) wat in Hom glo. Deur Christus staan ons nie nog buite op die drumpel en verlang nie, maar ons woon reeds binne in God se huis en ons is deur sy genade reeds welgeluksalig (vers. 5)! In die Ou Testament was God se huis op een plek, nl. by sy tempel, maar in die Nuwe Testament maak God deur sy Heilige Gees woning op elke plek waar sy Woord verkondig word! So is Psalm 84, as dit nie geplaas word onder die skerp lig van Christus se versoening nie, slegs 'n Joodse gedig sonder veel betekenis vir die gelowige van vandag.

Nou waarsku die Skrif ons teen hierdie groot gevaar om die Ou Testament te behandel asof daar nie 'n Nuwe Testament is nie. Ons word nadruklik gemaan om na die volmaaktheid voort te gaan "sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke . . ." (Heb. 6:1). En as predikante nie meer die heerlijkheid van die nuwe verbond waarin ons staan in hierdie laaste bedeling na Pinkster wil raaksien nie en maar al deur die gemeente wil dwing om alleen te leef uit die Ou Testament ten koste van die Nuwe (al word dit nie so bedoel nie),

dan word die gemeente langamerhand afgerem in 'n groef waarin moderne Judaïsme (om nie uit genade alleen te wil leef nie, maar ook uit wetsvervulling) en fariseïsme begin posvat. Die *enigste troos*, nl. om vir altyd aan Christus te behoort, word dan verdonker deur newels van murmureringe, volgehoue verwyte, groeiende verharding en verbitteringe. So kan die lewe van 'n gelowige, maar selfs ook die atmosfeer in 'n gemeente verstikkend word weens die gebrek aan geestelike suurstof. Wat dan baie keer aangeprys word as konserwatisme, word by die loslating van die nuwe lewe in Christus niks anders nie as bekrompe lewensstyl waarin die godsdienste nie verder kom as 'n vashou aan sekere uiterlike moenies nie. So 'n "Ou-Testamentiese lewensstyl" waarin die heerlikheid van Christus se oorwinnende genade plek maak vir die verdienstelikheid van sedes, selfs kerklike sedes soos bv. om te hang aan 'n "ampskleed", word baie dikwels juis deur 'n verkeerde prediking gekweek. Dat dit dodelik vir die kerk kan wees, blyk uit Paulus se brief aan die Galasiërs.

Die *oorskatting* van die Ou Testament was die oudste dwaling in die Christelike kerk. In die genoemde Galasiërsbrief moes Paulus die opvatting van die Judaïste wat 'n dodelike gevaarlike opvatting oor die Ou-Testamentiese wet in die gemeente ingedra het, bestry omdat die evangelie van die vryheid wat in Christus geopenbaar is, verdonker is.

Maar ewe gevaarlik was die latere dwaling, nl. toe die Nuwe Testament oorskat is ten koste van die Oue. Hier was dit veral die invloed van die Gnostieke, die heidendom met 'n Christelike vernis, wat die Ou Testament verwerp het. Vir hulle was die God van die Ou Testament van 'n laer orde, in teenstelling met die God van die Nuwe Testament, die Vader van Jesus Christus.

Voorts dink ons aan die ketter Marcion uit die tweede eeu vir wie die Ou Testament die openbaring was van 'n wrede, harde God teenoor die God van liefde in die Nuwe Testament. Daarna kom die ketterse rigting van die Manigeïsme op wat 'n Christendom sonder die Ou Testament bepleit. Maar ook tot vandag toe is die teologie en die kerk nie gevrywaar teen die dwaling om die Ou Testament te verag nie. Dink maar aan die invloed van die Duitse boek deur Paul Volz, *Das Damonische in Jahve*.

Ten slotte bly dit nog steeds vir die prediker van die evangelie van die grootste belang om kennis te neem van die geniale wyse waarop Calvyn die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testamente uiteensit (vir 'n breedvoerige studie, vergelyk my *John Knox and the Institutes of Calvin*, Durban, 1968).

Calvyn het hierdie verhouding tussen die twee testamente so belangrik geag dat hy twee hoofstukke in sy Institusie daaraan gewy het, nl. "Oor die gelykheid van die Ou en Nuwe Testamente" (Institusie, II, x) en "Oor die onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testamente" (Institusie, II, xi). Hierdie "gelykheid" en "onderskeid" vat hy soos volg saam: "Die verbond met al die vaders (O.T.) verskil in wese en saak in die geheel nie met die verbond met ons (N.T.) nie, maar is dieselfde. Alleen die *bediening* verskil".

Hierdie *eenheid* (gelykheid) tussen die Ou en Nuwe Testamente bestaan vir Calvyn dan in drie dinge: *Ten eerste* dat die *basis* dieselfde is, nl. God se genade in Jesus Christus, *ten tweede*, dat die beloftes van die ewige lewe dieselfde is en *ten derde* dat daar slegs één Middelaar is, nl. die Messias, die Christus, (Vgl. Institusie, II, x, 2).

Daar is in werklikheid nie twee *verbonde* nie, maar twee *bedienings* van dieselfde verbond. Ons kan ook praat van die twee fases. Die *verskil* lê dus nie in die *inhoud* ("substantia" is die Latynse woord wat Calvyn gebruik) nie, maar in die twee *wyses* waarop dit bedien word, gebring word. Dit is 'n verskil in "modus". Hierdie verskil in die manier van bediening in die Ou en Nuwe Testamente, maak Calvyn dan duidelik in vyf punte:

1. In die Ou Testament manifesteer God die hemelse erfenis hoofsaaklik in aardse

seëninge.

2. In die Ou Testament "word slegs 'n beeld en 'n skaduwee van die liggaam gesien, terwyl die Nuwe Testament die aanwesige werklikheid en die ware liggaam vertoon." (II, xi, 4).
3. Daar is 'n verskil tussen die *wet* wat "'n letterlike leer" genoem word en die evangelie wat "die geestelike leer" genoem word. Dit is egter nie 'n verskil in inhoud nie, maar in graad.
4. Die Ou Testament is 'n testament van diensbaarheid en die Nuwe Testament is 'n testament van vryheid. Calvyn baseer dit op Romeine 8:15 en Galásiërs 4:22.
5. Die Ou Testament implementeer die verbond met een volk, nl. Israel, maar die Nuwe Testament bedien dit tot alle volke tot wie die Evangelie kom.

Om nou die *eenheid* en die *onderskeid* tussen die Ou en Nuwe Testamente te handhaaf, wys Calvyn ons dan verder daarop dat ons baie ernstig moet rekening hou met die *tyd, plek en volk* in die Skrifopenbaring (Latyn: "temporum, loci gentis conditione").

Op 'n ander plek het ek gewaag om dit in die Engelse taal soos volg uit te druk: "What was initially dark or twilight to the Israelite of the Old Testament is now as clear as day in Christ. It is not *another* light which has come; but the same light which first shone dimly, has now clearly shone through in Christmas and Calvary, and the Resurrection and Ascension and Pentecost. In other words, there was a holy evolution in the Revelation of Salvation". (*John Knox and the Institutes of Calvin*, p. 73).

2.12 Die prediking en die Bybelse geskiedenis

Die vraag mag opkom: waarom nou juis die *geskiedenis* in God se Openbaring uitsonder i.v.m. die prediking? Die kerkgeskiedenis toon ons egter oor en oor dat dit juis hier is waar die grootste ketterye voorgekom het. Gewoonlik is dit 'n miskiening van die waarheid dat God in die geskiedenis gewerk het, en daardeur 'n direkte miskiening van die feite van *skepping, sondeval en verlossing*. En vandag nog word daar steeds aanvalle vanuit teologiese en filosofiese rigtings gemaak op die *geskiedenis* karakter van die Bybelse Openbaring.

Gedurende die laaste paar dekades het daar dan opnuut 'n felle stryd in die teologiese wêreld ontbrand waarin veral die dialektiese teologie van Karl Barth en ander beheersend was en die eksistensialistiese teologie van bv. Bultmann 'n groot rol gespeel het.

So het daar 'n baie sterk rigting in die teologie opgekom wat leer dat die Heilige Skrif altyd 'n *menslike* boek is wat in *menslike*, d.w.s. *feilbare* woorde geskryf is. Dit is "getuienisse" in dooie letters en dit is nie die openbaring van die lewende Christus Self nie. Die Heilige Gees moet eers deur die dooie letters waai om dit lewendig te maak, anders bly dit dood. Dus: die menslike woorde "gee getuienis" van die vleesgeworde Woord *wanneer, waar en soos* dit deur die Heilige Gees geloof wek.

Hiervolgens kan God se Woord nie in menslike taal gespreek word nie en dit kan nie in 'n boek vasgelê word nie. Daar mag dus nie gesê word dat die Heilige Skrif God se Woord *is* nie. God *kan* wanneer Hy wil hierdie mensewoord maak tot sy Woord. Maar die Bybel soos wat dit daar lê, bly feilbare mensewerk, met al die teenstrydighede, foute en dwalinge wat kleef aan enige ander menslike geskrif. Dit het alleen betekenis dat dit *heenwys* na God se Woord. Soos wat die sakrament van die Nagmaal die brood as 'n teken het wat heenwys na die genade van Christus, so is ook die Bybel 'n teken van die Woord wat heenwys na die Woord. Hier word ook gesê dat dit "getuienis" is in die sin van *padwyser*.

Dit is dus begryplik dat hierdie opvatting van die Bybel ook 'n ingrypende invloed op die prediking sal hê. Die *geskiedkundige* waarheid van die Bybelse geskiedenis kom dan in gedrang. Vir hierdie rigting (Barth e.a.) is die "letterlike", die "feitlike" en die "historiese" van 'n Skrifgedeelte van weinig belang: daarvoor mag die Skrifkritiek oordeel. En as dit eers so ver heen is, dan word daar getorring aan die waarheid van die Skrif! En dan het die prediking vanaf die kansel meteen ook sy enigste waarborg vir die waarheid verloor! Karl Barth sien nie die geskiedenis van God se Openbaring as 'n heilige eenheid nie — hy glo nie dat God begin arbei het met Abraham en dat dit een kontinuïteit was en dat in *dieselfde horisontale tydslyn* Christus gebore is en dat God nog steeds op dieselfde tydslyn deurgaans om te arbei aan sy kerk in die laaste dae nie. So maak 'n ander teoloog, Gerard von Rad, die geskiedenis in die Ou Testament slegs 'n produk van Israelitiese vertelkuns.

Langs hierdie pad van die Barthiaanse teologie en onder die sterk invloed van die eksistensialistiese filosofie, het daar in die huidige tyd die ontsettende gevaar van die eksistensialistiese prediking posgevat. In 'n preek oor die geskiedkundige gedeeltes van die Skrif word dan nie gevra wat *God* hier doen nie, maar die Bybelse figuur, bv. Abraham, Lot word benader vanuit die "eksistensiële situasie" van die moderne mens. Die prediker se taak volgens hierdie preekmetode is om ten eerste die situasie van sy hoorder te ken. Hy moet die mens sien in sy bestaan ("eksistensie") met sy probleme, sy aanvegtinge, sy lewensvrae en sy nood. Die volgende stap is dan dat die prediker die bevrydende boodskap van God *fel, direk, kort en bondig* aan sy hoorder moet bring en daarvoor gebruik hy 'n geskiedkundige gedeelte van die Skrif wat *hier* en *nou* aktueel op hierdie mens in sy situasie toegepas word. Die Heilige Skrif word dan uitgelê onder die aspek van die mens se konkrete bestaan ("eksistensiële situasie").

Dit is die tipiese kenmerk van die voorstanders van die eksistensialistiese prediking dat hulle altyd die vereistes van 'n appèl op die voorgrond stel. Deur 'n besondere oproep waarin die hoorder elke keer voor 'n beslissende keuse geplaas word, word gepoog om die preek aktueel te maak. Daarvoor word die moderne segswyse en dikwels die moderne roman en gedig ingespan om mee te help. Diepgaande eksegesië (Skrifuitleg) moet daar nie wees nie, want die moderne mens hou nie daarvan nie. Te lank moet die preek nie wees nie, want die hoorder van vandag raak gou verveeld. Die gevolg is: min Skriflesing, min fundering, want die moderne mens is daarvoor te haastig. Soos wat iemand opgemerk het: die moderne mens roep om die kortste pad tot God met tersydestelling van die *geskiedenis*. In 'n kort oomblik van intense trefkrag, kom daar dan 'n flitsende lig van die Skrif waarin die mens God dan "ontmoet" in die aangrypende ooreenkoms tussen homself en die sekere Bybelse figuur. Dit word ook genoem die "kerugma" van God.

In hierdie "eksistensialistiese prediking" het ons 'n baie groter en ernstiger gevaar vir die kerk as die *moralistiese* en *intellektualistiese* prediking wat veral in Nederland 'n paar dekades gelede 'n gevaar was. Toe was die gevaar dat i.p.v. die heilsopenbaring in Christus wat in die betrokke Bybelse figuur na vore kom daar eerder gevra is na sy "sielsgesteldheid", die "vroomheid", die "innerlike beleving" as 'n voorbeeld vir ons innerlike gesteldhede.

Dit word nou nodig dat ons baie kortliks 'n paar riglyne gee vir die prediking oor die geskiedkundige gedeeltes in die Skrif. *Wat is die suiwer metode?* Dit moet die Skrif self aan ons leer.

Die eerste punt wat ons moet vooropstel, is dat ons te doen het met heilige *geskiedenis*! En die historiese boeke van die Bybel is geskrywe met 'n bepaalde *doel*, en die *doel* is dat God Homself openbaar in Jesus Christus. As ons hierdie punt maar een enkele oomblik vergeet, dan kom ons te lande op die vlak van die *profane geskiedenis*, wat allerhande doeleindes en aspekte na vore bring. In die gewone geskiedenis mag dieselfde feitemateriaal gebruik word

om elke keer weer 'n ander aspek na vore te bring. Die geskiedkundige feite in die lewe van Paul Kruger kan byvoorbeeld gebruik word om hom te beskryf as staatsman of kerkman of soldaat of vader vir sy kinders ens. Dan is dit so dat geskiedkundige feite wat vir die een geskiedskrywer uiters belangrik is, miskien deur die ander nie eens gebruik word nie of heeltaltemal buite rekening gelaat word.

Dit is dan juis hier waar een van die grootste oortredings in die prediking oor geskiedkundige gedeeltes in die Bybel plaasvind. Die heilige *doel* van die Heilige Gees word vergeet. So word die Bybelse geskiedenis dan gesien onder allerhande aspekte, soos bv. *opvoeding, staatkunde, politiek, vroomheid van die mens, sedelike verval, sielkundige beleving* van persone, ens. Om hier maar slegs een voorbeeld te noem:

As ek in die geskiedenis van Thomas (Joh. 20:24-29) die *doel* van die Godsopenbaring loslaat, dan word dit 'n geskiedenis wat willekeurig kan gesien word as 'n tema wat handel oor die "vraagstuk van die twyfel" of "die probleem van pessimisme". Dan verval ons in allerhande sielkundige ontledings oor die siel van Thomas en spreek naderhand oor sy "kritiese gearardheid" (so staan dit in 'n sekere preek wat in druk verskyn het) en veroordeel hom omdat hy nie die eerste keer saam met die ander dissipels vergader het nie. Hieruit word dan verder 'n vermaning opgebou oor swak kerkbesoek, terwyl ons geen reg daartoe het nie. Want waar staan dit ooit in die Bybel waarom Thomas nie saam met die ander dissipels was nie? Daar kon ook 'n wettige rede gewees het: hy kon miskien 'n swaar verkoue gehad het of wat ook al, ons weet dit nie! En omdat ons dit eenvoudig nie weet nie, het ons geen reg om self gegewens te prakseer nie. Om afleidings te maak op grond van moontlikhede is uiters gevaarlik by die uitlê van die Skrif. Die prediker wat egter alleen met die gegewens van die Skrif in die teks gaan werk, sien raak dat dit hier om veel dieperliggende dinge gaan. Thomas was *een van die twaalf*. En nou vergader Christus as opgestane Heiland hier sy kerk, want die Nieu-Testamentiese kerk is gebou op die fondament van die twaalf apostels en aldus ook op die fondament van Thomas se prediking (vgl. Openb. 21:14). Christus bring dus doelbewus sy ongelowige dissipel tot geloof ter wille van die apostoliese prediking. Die kerk kan eenvoudig nie vooruitkom as Thomas nie in die opstanding glo nie. Thomas se twyfel as sedeles vir ons is hier dus nog nie Skrifuitleg nie. Net sowel kan ons vir dieselfde preek 'n ander teks gebruik, bv. Mattheus 11:3 en praat van die "twyfel van Johannes die Doper" as 'n voorbeeld van ons twyfel. Ons kry dan die eenaardigheid dat twee verskillende geskiednisse met totale verskillende feite dieselfde tema en toepassing kan hê.

Nog 'n voorbeeld om te bewys hoedat die Bybelse geskiedenis opgekap word in aparte fragmente en hoedat 'n vooropgestelde tema aan verskillende "geskiedkundige" kapstokke kan opgehang word, kry ons in die geval van twee preke wat albei gegaan het oor *geloofsbeproeving*.

In die een geval was die teks uit Genesis 22 (Abraham wat Isak moet gaan offer op Moria) en in die ander geval van Mattheus 15:21-28 (die versoek van die heidense Kananese vrou aan Jesus). Hier is weer dieselfde tema met toepassing. Maar totaal anders word dit as die Skrif gaan spreek en raakgesien word dat Abraham en die heidense vrou twee totaal andersoortige plekke in God se Openbaring inneem; die een tog is die vader van die gelowiges wat God uitgekies het om sy verbond mee op te rig en die ander is 'n heidense vrou buite die verbond wat eers eeue daarna in die Nuwe Testament van buite ingetrek word deur Christus.

Ewe gevaarlik word dit om as teks net 'n paar woorde of 'n gedeelte van 'n sinsnede te gebruik vir 'n preek. 'n Sekere predikant het bv. in 'n paar gemeentes 'n "pragtige" preek gelewer oor Johannes 5:7. "Here ek het niemand ..." uit die geskiedenis van die siek man in Bethesda. Hier word nou die *menslike eensaamheid* as tema gekies. Maar net so kan ons 'n totaal ander fragment uit die Bybel neem en die gemeente roer met presies

dieselfde toepassing, bv. Psalms 25:16 " . . . ek is eensaam en ellendig". Die fout lê voor die hand: die Bybelse geskiedenis word maar net gebruik as aanhakplekke om menslike temas voor te dra!

Maar mag ons dan nooit so preek dat dinge soos "sielsangs", "geestelike twyfel", "menslike verlangens", "aanvegtinge", "nood", "blydschap" ens. na vore kom nie? Mense soos Moses, Dawid en Jesaja het tog ook soos ons hulle geestelike stryd en angste en kommer gehad! Dit wil ons geen oomblik ontken nie en ons weet dat die Bybel daarvoor baie preekstof bied: vgl. slegs die liriese en wysheidsgedeeltes. Maar ook dan gaan dit nog steeds om God! En in die God wat Homself in Christus geopenbaar het is alle troos in aanvegtinge ens.

Daarom sal by elke preek oor enige geskiedkundige gedeelte die *belangrikste* en *beslissendste* vraag altyd moet wees: Wat maak God ons hier in sy openbaring van Jesus Christus bekend? Hoe en wat werk Christus hier in hierdie bepaalde gedeelte? En natuurlik kom hier dan allerhande besonderhede na vore, bv. oor die plek waar iemand woon, oor die paleis van die koning, oor die kleredrag van die profeet, oor die gemoedstemming waarin 'n persoon verkeer, oor sy sielestryd ensovoorts, maar dit kom alles in die geskiedenis voor in soverre dit die *doel* dien: Die openbaring van God op daardie oomblik as die openbaring in Jesus Christus.

En as hierdie historiese besonderhede of persone of feite nou losgemaak word as *selfstandige eenhede*, los van die *Skrifverband* wat in die geskiedenis vasgelê is, kan daar miskien in preke of dagboeke of oordenkings baie waar dinge gesê word, maar dit is nog nie *Skrifverklaring* nie!

Een van die grootste foute in die prediking oor die Bybelse geskiedenis, is die sogenaamde *eksemplariese prediking*. Dit is gewoonlik die "maklikste" metode vir die lui predikant. Dan word daar ewe maklik "gelykenisse" gemaak. Tussen 'n Bybelfiguur en "ons" of tussen 'n gebeurtenis in die Bybel en 'n gebeurtenis vandag word dan eenvoudig 'n gelykteken geplaas. Veral op Volksfeeste is dit 'n gerieflike styl om die parallel te trek tussen Israel van die Ou Testament en die Afrikaanse volk en dan kom daar soms buitensporige dinge na vore.

So was hierdie metode van 'n preek oor die radio grenseloos in sy vergesogtheid toe die prediker die geskiedenis van die Afrikaanse volk beskryf het as "'n Geskiedenis met sy Elims en sy Maras, sy Morias en sy Karmels, sy Kedrons en sy Krits, sy Edens en sy Patmos

'n Ander prediker het weer uitgeroep: "Soos wat die spruit Krit vir Elia opgedroog het, so droog ons inkomste ook dikwels op."

'n Skrikwekkende voorbeeld wat kritiekloos deur die kerk waar dit gepreek is en deur die volk wat dit moes aanhoor, aanvaar is, is 'n geval waarin die ark van die verbond en God se verkiesing brutaal-profaan as volg behandel is uit 'n preek oor 2 Samuel 6:21: "Soos God vir Israel 'n Ark gegee het, het Hy aan die Afrikanervolk gegee sy ver verlate vlaktes en sy ewige bebergtes . . . Daarom kan ons vrolik wees voor die aangesig van die Here wat ons volk verkies het, net soos Hy Dawid verkies het."

So vind ons dit ook in 'n radiopreek oor Nehemia 4:14 waarin gelykskakeling tussen Verbondsgeskiedenis en volksgeskiedenis verkondig word as o.a. gesê word: "Nooit anders is herinnering vir die Afrikaner-Christen so opvallend teer as die maand April nie. Want ver teen die agtergrond, aan die kim van die eeue lê 'n graf en staan 'n wieg. Die Graf is die Graf van ons Meester en die wieg is die wieg van ons nasie. In April is ons Meester begrawe, en in April is ons nasie gebore. Afrikaner-Christenskap, en Afrikaner-nasieskap is deur die Voorsienigheid van God op wonderbaarlike wyse verenig in die tydarms van dieselfde maand, April. Daarom sal Christenskap en nasieskap in Suid-Afrika nooit geskei kan word nie. Vir eeue al gaan ons stryd om die behoud van sy Graf en om die behoud van ons wieg".

Dat sulke kanselorasies nog by die "dwase volk" (Calvyn se uitdrukking) kan deurgaan as "preke", is reeds erg, maar dat dit in ons tyd selfs "gereformeerde prediking" genoem word, kan nie anders as om elkeen wat iets weet van die reformatoriese prediking diep te skok nie!

(Vir 'n breedvoerige studie oor eksemplariese prediking, word die aandag op die volgende werke gevestig: B. Holwerda, *Begonnen hebbende van Mozes* . . . Terneuzen, 1953; M. B. van't Veer, "Christologiese prediking over de Historische stof van het Oude Testament", in die bundel *Van den dienst des Woords*, uitgegee deur R. Schippers, Goes, 1944; Sidney Greidanus, *Sola Scriptura*, Kampen, 1970).

'n Woord van waarskuwing van die Nuwe Testamentiese eksegeet prof. Grosheide kan ons i.v.m. die prediking en die Bybelse geskiedenis altyd ter harte neem: Die Bybelse geskiedenis mag nie gesien word as 'n beskrywing van geskiedkundige *motiewe* nie, maar as Goddelike openbaring. Dit is opgebou volgens 'n vaste plan.

Die prediker van hierdie bedeling moet altyd onthou dat die volle Bybel nie alleen op die kansel moet lê nie, maar ook op die studeertafel. Hy staan dus op 'n punt in die geskiedenis van die tyd vanwaar hy met die Skrif die volle heilsopenbaring kan sien. Sy oë is verlig en sy gesigsveld is verbreed deur byvoorbeeld die geskiedenis van die aartsvaders te lees deur die bril van die apostoliese briewe. Met die kennis van Christus se borgtogtelike sterwe sien hy nou die gang van Israel se erediens in die Ou Testament. Met die lig van die Nuwe Testament verstaan hy die terugkeer van die Verbondsvolk uit die ballingskap. Hy besien die hele heilige geskiedenis as lid van die Nuwe Testamentiese kerk aan wie die heerlike gawe van die Heilige Gees gegee is. Die trekpadd van God se volk deur die Rooi See en die woestyn bestudeer hy by die Pinksterlig, en hy het Paulus hoor spreek van die volk van God en van die Jerusalem wat bo is. Voor hom het reeds die taferel van die laaste Bybelboek verbygerol.

Laat ons in ons preke dus nie handel asof daar net 'n hoop materiaal van hout en stene voor ons lê en dat die gebou nog nie opgetrek is nie. Laat ons nie maar elkeen 'n steen of twee gryp en dit wegdra om ons eie menslike timmerasie te maak sodat dit naderhand gaan oor wat die dominee sê i.p.v. dat kerkmense met brandende harte en spanning weer wil hoor wat *God* wil sê nie! As historiese persone en besonderhede of feite in die Skrif losgemaak word as selfstandige eenhede, los van die Skrifverband wat in die geskiedenis vasgelê is, dan kan daar in preke, dagboeke en oordenkings miskien baie waar dinge gesê word, maar Skrifverklaring is dit nie! 'n Preek is nie die verkondiging van 'n bloemlesing waarhede nie, maar dit bring *die waarheid!*

En as die heilige geskiedenis in fragmentjies opgebreek word vir allerhande menslike motiewe, sedemotiewe, politieke motiewe, jeugmotiewe, welsynsmotiewe of die motief om 'n sekere fonds te loods waar die mens maar weer in die sentrum staan, dan is dit misbruik van die Woorddiens en 'n kerk wat dit toelaat word ontrou aan sy opdrag om alleen die *Woord* te preek.

I.v.m. die prediking oor die Bybelse geskiedenis wil ons ten slotte nog net wys op die groot gevaar wat kan genoem word die oordrywing van die *tipologie*. Dit gebeur wanneer predikers op 'n geforseerde manier in haas elke Ou-Testamentiese figuur 'n tipe van God se Seun wil soek. In die Middeleeue (juis gedurende die grootste verval van die prediking in die kerk) het die tipologie totaal ontaard. Met een of ander kunsgreep en menslike vindingrykheid word die preek dan "christosentries" gemaak. Ons gee 'n paar voorbeelde:

- ♦ Die brood en wyn wat Melgisedek vir Abraham bring (Gen. 14:18) sien op die Heilige Nagmaal.
- ♦ Die skepping van Eva uit die "sy" van Adam sien op Jesus se wond wat Hy in sy sy aan die kruis ontvang.

- ♦ Josef in die put sien op Jesus in die graf.
- ♦ Isak wat die hout vir die offer na Moria dra, sien op Christus wat die kruis dra.

Gewoonlik dink predikante dat die geskiedkundige gedeeltes van die Bybel die maklikste is om oor te preek. Maar lui predikers wat nie meer gedurende die week hard wil werk nie en gou Saterdagmiddag iets soek, loop hulle hier deeglik vas. Sondagoggend word daar dan heel maklik allerhande aanlope van gedagtes afgestuur en allerlei gekunstelde vertellings geprakseer, maar dikwels is dit net om die nalatige voorbereiding en die gebrek aan Skrifkennis te bedek.

En wat is die gevolg? Gee aan die preek aktualiteit deur die mense op die preekstoel bang te praat! Daarom onophoudelik waarsku teen 'n valse geloof! Daarom maar altyd peuter aan God se beloftes deur skynheilig te vra: Is u seker dat die saligheid ook vir u gegee is? Is daar sekerheid in u hart? U moet uself ondersoek of dit werklik so is dat u gered is! En so word die gelowige Verbondskind wat reeds sulke heerlike beloftes van God ontvang het en waarvan sy doop 'n getuigenis is, maar elke keer weer teruggewerp op homself.

Hier het ons een van die grootste gevare vir die prediking in ons tyd: Die gemeente word huis toe gestuur nie met die vastigheid en sekerheid wat hulle reeds in Christus *besit* nie(!), maar hulle moet die sekerheid in hulleself gaan *soek*.

Wat moet die bedienaar van God se Woord alreeds op die een Sondag weet i.v.m. die preek op die volgende Sondag? Die apostel Petrus gee die antwoord: "Julle moet veral dit weet, dat geen profesie van die Skrif, 'n saak van eie uitlegginge is nie." (2 Pet. 1: 20).

2.13 Die prediking en die nie-geskiedkundige stof in die Bybel

Dit is onmoontlik om in 'n beknopte ruimte elke soort stof van die Bybel goed te behandel, afgesien nog om breedvoerig te wees. Maar 'n paar grepe kan die gedagtes van luisteraars na preke prikkel:

2.13.1 Die simboliese gedeeltes van die Skrif

Dit sien in die Ou Testament eintlik op Israel se erediens, die offerdiens en seremonies waarin ons nie moet vergeet dat dit roep om vervulling in Christus nie. Hieroor word baie selde in ons kerke gepreek en ons kan volstaan met die opmerking dat hierdie stof onmoontlik kan verklaar word sonder om uiters noukeurig die verband in die geheel en vanuit die vervulling in die Nuwe Testament te besien (sien punt 2.11 hierbo).

2.13.2 Die liriese gedeeltes

Hiertoe behoort al die digterlike gedeeltes uit die historiese en profetiese boeke, bv. Deuteronomium 32, Rigters 5, 1 Samuel 2:1 -10, 2 Samuel 1 17 - 27, Jesaja 12, Habakuk 3, groot gedeeltes van die boek Job en die Psalms. Hier moet veral die vraag beantwoord word *watter plek* die lied of Psalm in die voortgang van God se openbaring inneem. Daar is 'n duidelike verskil tussen Moses se lied en Dawid se Psalm en die lied van Hanna, die moeder van Samuel. Ver al die Messiaanse Psalms (psalms oor die komende Christus) het 'n besondere betekenis omdat dit roep om die vervulling. Psalm 84 kan bv. sonder die vervulling in Christus toe die tempelgordyn geskeur het en die nuwe erediens na Pinkster, nie slegs as 'n vermaning vir swak kerkbesoek dien nie. Die "woning" van God vir die Nuwe-Testamentiese gelowige, is heerliker as wat die woning vir die kind van Korag was! En Psalm 22 kan onmoontlik verstaan word sonder Christus se sterwe aan die kruis, want dan eers begryp ons dat die woorde "My God, my God waarom het U my verlaat" nooit meer op die

gelowige kind van God van toepassing is nie, want in die vierde kruiswoord van Christus het hy die versekering "dat hy tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie" (Nagmaalsformulier).

2.13.3 Die wysheidsgedeeltes

Dit bestaan uit verskillende gedeeltes uit die boek Job, enkele gedeeltes uit die Psalms (bv. Ps. 37 en 119) wat ook genoem word didaktiese Psalms, Spreuke, Prediker en gedeeltes uit Hooglied. As hieroor gepreek word, is die hoofvraag nie of die prediker of die gemeente baie lewenskennis en lewenswysheid besit nie, maar dat die weë van *God se wysheid* ons lewens bestraal. Hierdie lewenswysheid is nie die algemene humane lewenskuns nie, maar dit is wel die kuns wat geleer is in die skool van Jesus Christus deur sy Gees (K. Dijk). Die hoogste wysheid word vervul in Jesus Christus, die vleesgeworde Woord. Vergelyk Jesus se woorde: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe".

2.13.4 Die profetiese stof in die Bybel

Een van die grootste gevare i.v.m. die prediking oor hierdie stof is weer eens die naïewe maklike manier om allerhande *historiese gelyktekens* tussen die profete en ons predikers, tussen die profesieë toe en gebeurtenisse tans te plaas. Die profeet Samuel tree bv. onder heeltemal ander omstandighede op as Maleagi. Die voortgang van die Godsopenbaring mag nie vergeet word nie. En Agabus wat Paulus met 'n gordel vasbind, staan reeds in die bedeling na Pinkster en daarom eeue nadat Amos in Samaria gespreek het. Hier word ook besonder diepgaande grammatiese eksegeese vereis waarin duidelik rekenskap gegee word van die historiese agtergrond. Die Heilige Skrif self gee ons die sleutel tot die verklaring van die profesieë: "Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlijkheid daarna" (1 Petrus 1:10 -11).

Bostaande is egter maar 'n uiters kort poging om iets te laat sien van die verskeidenheid van soorte stof in die Bybel waaroor moet gepreek word. Daar is nog veel meer indelings wat kan gemaak word. Die *eskatologiese* (bv. gedeeltes uit Esegël, Daniël en Openbaring), die *gelykenisse* verdien alles ons aandag. As kerkgangers en predikers tog maar eers besef wat die geweldige roeping is om God se Woord met onderskeiding en insig te preek. Dit is harde werk en stel hoë eise!

In elk geval, oor watter deel in die Bybel daar ookal gepreek word, oor 'n geskiedkundige gedeelte of 'n profesie of 'n gelykenis of 'n wonderteken of oor 'n visioen of oor 'n psalm of 'n spreuk — moet die Heilige Skrif self as die enigste norm ook die wyse van verklaring gee. Die Skrif oortref alle mensewoorde en staan altyd bokant die woord van mense (dus ook bokant die Belydenisskrifte). Dit is nie verniet dat die Reformasie van die 16e eeu vir sy Skrifverklaring en sy prediking so sterk vasgehou het aan sy slagspreuk "Sola Scriptura" nie. Vir die Gereformeerdes was die Bybel altyd die *HEILIGE* Skrif, die "Sacra Scriptura" en daarom het hulle ook duidelike reëls vir Skrifverklaring en die prediking neergelê:

Sacra Scriptura autopistos est = Die Heilige Skrif het die grond vir geloofwaardigheid in homself.

Sacra Scriptura sui ipsius interpretis est = Die Heilige Skrif is sy eie tolk en verklaarder.

Sacra Scriptura supremus index controversiarum est = Die Heilige Skrif is die hoogste regter oor leer- en waarheidsgeskille.

HOOFSTUK 3

Die Belydenis en die prediking

3.1 Die Reformasie van die 16e eeu 'n herontdekking van die prediking.

Soos wat Columbus die nuwe wêreld ontdek het en soos wat die Renaissance die ou Hellas en Latium herontdek het, so het die Reformasie weer die Heilige Skrif herontdek. *Terug na die Skrif*, het die wekroep geword. "Sola Scriptura" (die Skrif alleen) het die basis vir alle teologie geword en daarom ook vir die prediking. Na eeue van kerklike verval het dit weer Woordverkondiging geword. Luther het dit so duidelik gestel "dasz unser Herr selbst mit uns rede durch Sein heilig Wort" na die mense kom, soos wat hy by die ingebruikneming van die kasteelkerk van Torgau gesê het (Ons Here kom Self met ons prediking deur Sy heilige Woord).

En die prediking van die Woord was altyd vir die Reformatore prediking van die Heilige Skrif. So verklaar artikel VII van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* in die duidelikste taal dat daar geen ander gesag van mense of geskrifte of kerklike besluite met die gesag van die Bybel kan gelykgestel word nie:

"En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ookal gewees het, mag met die Goddelike Skrifte gelykgestel word nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die oudheid of die opvolging van tye of persone, of die kerkvergaderinge, verordeninge of besluite nie ..."

Alleen as die Woord van God gehoor word, word die geloof gewerk en ontstaan die wedergeboorte (die nuwe lewe) deur die werking van die Heilige Gees:

"Ons glo dat hierdie waaragtige geloof, in die mens gewerk deur die gehoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees, hom wederbaar en tot 'n nuwe lewe maak ..." (Art. 24).

In artikel 35 van dieselfde Belydenis word nog eens gesê dat dit deur die gepredikte Woord is dat die "tweede geboorte" plaasvind "in die gemeenskap van die liggaam van Christus", m.a.w. in die gemeenskap met die kerk van Christus.

Ook die *Heidelbergse Kategismus* (1563) verklaar dat die Heilige Gees die geloof gee "deur die verkondiging van die heilige Evangelie" (Sondag 25).

Dieselfde klem lê die *Dordtse Leerreëls* op die prediking as daarop gewys word hoe dat God die uitverkorenes "deur Sy Woord en Gees" roep (D.L., I, 7). Of verder: ". . . dit doen God deur die krag van die Heilige Gees en deur die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die Evangelie van die Messias". (D.L. III/IV, 6). In V, 14 van die *Dordtse Leerreëls* word verklaar dat God Sy genadewerk doen "deur middel van die Evangelie verkondiging".

Kortom: Die prediking van die Woord neem in die Gereformeerde Belydenis die sentrale, beheersende plek in die kerklike aktiwiteit in. Teenoor alle rigtings en standpunte wat die prediking van sy belangrikheid wil beroof, staan die Belydenis op grond van die Bybel nog altyd daarby vas. Neem die "solo verbo" (alleen deur die Woord) weg — dan het die Gereformeerde Belydenis ook geval. En dan het ook die Reformasie van die 16e eeu geen betekenis meer nie! En dan het ons nie meer 'n kenteken waaraan ons die ware kerk kan ken nie (art. 29 van die Ned. Geloofsbelydenis).

3.2 Die Kategismuspraak

Alreeds vanaf die 16e eeu het die Gereformeerde kerke dit noodsaaklik geag dat daar ook onderwys van die Belydenis deur die prediking gegee word. Alhoewel die "Sola Scriptura" altyd beheersend is, mag dit geen teenstelling met die kerk se belydenis wees nie — die belydenis wat *volgens* God se Woord is, is meteen ook 'n *vertolking* van God se Woord. Die manne van die Reformasie het dit ook 'n "repetisie", 'n herhaling van die Woord genoem. En die kerk van die Reformasie *kán* nie sonder sy belydenis preek nie. Die kerk *kán* nie 'n belydeniskerk wees sonder om 'n *belydende* kerk te wees nie. Vergeelde papiere in die brandkluis beteken niks as dit nie in die openbaar 'n betekenis het nie. Juis toe die brandstapels gerook het en Rome met sy valse leer die Skrifgelowiges beetgeneem het, was daar geen keuse nie: die *ware* Bybelse leer moet gepreek word! So het die Wittenbergse kerkorde alreeds in 1533 bepaal dat Luther se Kategismus gereeld moet gepreek word. In die "Pradicantenordnung" van Zürich is dit al in 1532 onder leiding van Bullinger en Leo Judae bepaal. Later het dit ook gebeur met die Kategismus van Calvyn en ook met die van á Lasco.

Op 15 November 1563 word dit in die kerkorde van die Paltz (Duitsland) neergelê dat die Heidelbergse Kategismus elke Sondag moet gepreek word. En die Gereformeerde kerke wat nog die Dordtse Kerkorde handhaaf, het tot vandag toe nog dieselfde bepaling.

3.2.1 Die Woord word gepreek

Laat daar tog geen misverstand wees nie: Die Kategismuspraak mag nie iets anders as die Woord van God volgens die Heilige Skrif preek nie! Die man wat 'n Kategismuspraak maak, moet by die Skrif *begin*, en nie met die Kategismus nie. Die gemeente moet dit duidelik kan raaksien: wat hier in die Kategismus gesê word, is niks anders as die waarheid van God se Woord nie. As hulle dit nie meer kan raaksien nie, dan loop dit verkeerd in die prediking.

Die Heidelbergse Kategismus het nie verniet by elke sinsnede waar 'n leerstuk gegee word, 'n verwysing na die Skrifgedeelte vanwaar hierdie waarheid kom nie. Dit is helaas een van die grootste oorsake van misverstande oor die metode van die Kategismuspreke, dat predikante miskien selde by die Skrifgedeeltes onder aan die antwoorde kom, terwyl dit juis die allerbelangrikste deel van die Kategismus is. Dit is nie 'n bylae nie, maar gee juis die wesentlike inhoud.

Dit spreek dus vanself dat die belangrikste vereiste vir die maak van die Kategismuspraak, juis *eksegese* (Skrifuitleg) is — ten eerste eksegese van die Skrifgedeeltes waarop die antwoord rus en dan ook eksegese van die Kategismus self.

Laat ons slegs één voorbeeld gee oor hoe belangrik dit is om vanuit die Skrif te werk na die Kategismus in plaas daarvan om by die Kategismus te begin en die gevaar te loop om nooit eers by die Skrif uit te kom nie.

Kom ons neem Sondag 21, vraag 54: "Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike Kerk?"

Almal sal saamstem dat dit bykans onmoontlik is om in een preek 'n volledige verduideliking en beskrywing van die volle omvang van die kerk te gee. A. Kuyper het in sy *E Voto* byna 40 bladsye daaraan gewy en nog steeds is dit onvolledig. Maar dit is ook nie nodig nie en dit was ook nog nooit die bedoeling van die Kategismuspraak dat die gemeente 'n dogmatiese lesing oor "Wat is die kerk" moet kry nie. Maar helaas, as jy begin met die Kategismus en die preek verder uitwerk (dikwels sonder die Bybeltekste onder aan die antwoord), is die gevaar baie groot dat 'n teologiese lesing die preek gaan vervang. Dan word teologiese konstruksies soos "kerk as instituut", "kerk as organisme", "sigbare en onsigbare kerk" uitgewerk en "die Seun van God" miskien nooit eens gepreek nie. En as Christus nie gepreek word nie (1 Kor. 2:2), is

dit geen preek meer nie.

Ook die vraag "wat is die kerk?" kan in 'n preek alleen beantwoord word met wie God is en wie Sy Seun Jesus Christus is en wie die Heilige Gees is en wat hierdie God *GEDOEN* het en nog steeds *DOEN* en in die toekoms sal *DOEN*. Dan begin ons begryp wat die kerk is. Die vergaderingswerk van Christus "*deur Sy Gees en Woord*" gee dan aan die begrip "kerk" 'n lewendige dinamiese dimensie en die *prediking* (Gees en Woord) word opnuut dringend aktueel — juis omdat die Skrif wat onderaan die antwoord aangehaal word, dit aan ons vertel.

3.2.2 Die teks: *Nie óf . . . óf nie, maar en ... en*

'n Ou praktiese probleem wat telkens by die maak van 'n Kategismuspreek opduik, is die vraag: Wat is die teks van hierdie preek? Moet ek 'n Bybelteks neem, of is die betrokke Kategismusafdeling self die teks? Gewoonlik word die probleem die maklikste opgelos deur nou maar eenvoudig 'n keuse te maak: Die één teologiese professor of predikant sê jy moet elke keer 'n Bybelteks neem om daarmee te verseker dat God se Woord gepreek word, en die ander sê, nee, die *Kategismus* moet die teks wees, want dit is dan juis op God se Woord gebaseer — dit is tog vanselfsprekend en logies dat dit ook God se Woord is wat verkondig word. Só kan daar vir beide standpunte argumente teen of voor aangevoer word. Reeds in die 17e eeu het invloedryke gereformeerde teoloë standpunt teenoor mekaar ingeneem oor die vraag: Wat is die Kategismuspreek se teks, die Bybel of die Kategismus self? Coccejus het bv. gepleit vir 'n Bybelteks en Bastingius weer vir die ander standpunt. Later het dr. A. Kuyper ook heelwat hieroor geskryf en die standpunt om die Kategismus self as teks te neem, baie sterk verdedig en sê o.a.: "De Catechismus komt niet met menschelijk gezag u toespreken, maar legt u heel een reeks van Schriftwoorden voor, om u aan dát Schriftgezag en daaraan alleen te binden".

Die verskil tussen die gewone preek en die Kategismuspreek maak hy dan kortliks soos volg duidelik:

- ♦ By die gewone preek word slegs een Skrifgedeelte geneem volgens vrye keuse — in die Kategismus is daar geen vrye keuse nie en bowendien kom daar dan vyf, ses, sewe en selfs meer Skrifgedeeltes waarop die preek gebou word.
- ♦ In die gewone preek is dit die dikwels onervare prediker wat self uit die teks 'n tema bepaal en dit self formuleer — by die Kategismuspreek daarenteen is die tema reeds deur kundige, "godzalige mannen in den geestelijken bloeitijd der gemeente vastgezet en aller-zorgvuldigst geformuleerd".

Hiermee het Kuyper seker waardevolle dinge gesê, maar tog bevredig dit nie heeltemal nie. Is dit nie beter om van die *óf . . . óf* - redenering af te stap en liever daaraan aandag te gee dat dit ook die een EN die ander kan wees nie? Om dit kort te stel: Soms is dit onmoontlik om één Bybelgedeelte as teks te neem om daarmee die vraag en antwoord te verklaar, soos die bogemelde Sondag 21, vraag 54. Gaan kyk maar net wat 'n rykdom van Skrifgedeeltes hier die grondslag vorm! Maar daar is ook gedeeltes waar een bepaalde Skrifgedeelte uitnemend as 'n teks vir die preek kan dien en juis die inhoud van die Kategismus uitstekend kan verklaar, bv. vir 'n preek oor vraag en antwoord 39 waar Galásiërs 3:13 kan gebruik word, of vir 'n preek oor vraag en antwoord 76 waar die laaste gedeelte van Johannes 6 'n besonder geskikte teks kan wees. Dink ook aan die hele derde deel van die Kategismus wat juis 'n behandeling gee van twee duidelik Skrifgedeeltes, die wet en die gebed.

Ons hoef nie van die tekskeuse 'n dilemma te maak nie — as ons maar ten minste die Skrifgedeeltes wat die Kategismus self gebruik, sal eksegetiseer! So kan die "tekortkominge" in die Kategismus juis opgevang word, want die Kategismus is nie 'n volledige, volmaakte

leer wat alles sê nie. Dit staan nie op dieselfde lyn met die Skrif nie. Bv. in Sondag 18 spreek die Kategismus oor die "nut van die hemelvaart van Christus vir ons", maar hy swyg oor die heerlijkheid van die hemelvaart vir *HOM*: Dat God Christus uitermate verhoog het (Fil. 2:9 en 10) en hy swyg oor die heerlijkheid van die hemelvaart vir God (Joh. 14:28b).

Maar die prediker moet in die voorbereiding van sy preek ook 'n noukeurige eksegeese van die Kategismus doen en presies lees wat daar staan! In Sondag 9 word daar so gespreek van God die Vader wat "*deur* sy ewige raad en voorsienigheid (die skepping) nog onderhou en regeer". Opvallend is dit dat die meeste verklarings van die Kategismus en ook preke hierdie gedeelte behandel asof daar staan "*volgens*" God se ewige raad ens. En dit is nogal 'n baie groot verskil!

3.2.3 "'n Laagte van dor bene" (Eseg. 37)

'n Groot gevaar is dat ons predikante die Kategismus preek op 'n manier dat dit nie meer spreek tot die tyd waarin ons lewe nie. Vir baie gereformeerdes het hierdie belydenisskrif omdat dit alreeds 400 jaar oud is, sy betekenis verloor. In ons tyd is dit nie meer aktueel nie, word daar gesê, en dit is argaïes, verouderd en uitgedien; dit spreek ons en ons kinders nie meer toe nie; dit het oor ander probleme gehandel as waarmee ons vandag te doen het, ensovoorts. Ook was die teenstellings tussen die waarheid en die valsheid vir die kerk destyds anders, bv. toe het dit gegaan teen die dwalings van die Roomse, maar vandag sit ons met ander konfrontasies — ideologieë soos die Kommunisme, etiek (sedeprobleme soos aborsie, homofilie), die nuwe moraal, en asemrowende tegniese ontwikkeling wat die mens van sy ankers losruk.

In hierdie gedagtegang van die veranderde wêreld sit daar natuurlik 'n groot waarheid, maar om nou van daaruit te konkludeer dat die Kategismus dan per sé uitgedien is. — dit roep om baie deegliker en ernstiger besinning.

Ongelukkig het ons dominees wat preek 'n groot skuld aan die devaluasie van die Kategismus in ons tyd. Onself behandel dikwels die leer van die kerk op 'n manier dat die hoorders naderhand "'n vlakke met dor bene en geraamtes" voor hulle sien. Daar kom dan preke wat gaan oor die "doodsbeendere" van Pelagiane, Remonstrante, Sociane, Lutherane en Roomsies, en die gemeente moet dan 'n optog maak na die ou grafte van die ketters van eeue gelede en dit loop uit op 'n "post mortem" in plaas van *dieselfde* dwalings wat vandag nog springlewendig in lewende lywe die kerk *hier* en *nou* bedreig.

Wat die kerk vandag broodnodig het, is preke wat die *moderne* Pelagiane en Remonstrante en 'n verskeidenheid ketterye ontmasker.

En wat van die moderne "gnostiek" in die godsdienste en die dialektiese teologie en heidense staatsidee-humanisme. Dit is juis weer die *versoeningswerk van Christus* wat vandag in die brandpunt van die prediking kom staan — die leerstuk wat in die Kategismus só 'n uiters belangrike plek inneem en die Skrif op 'n briljante manier vertolk. En dink aan die moderne dweepsieke godsdienste wat die werking van die Heilige Gees losmaak van die Woord. Of dink net hoe duidelik sal die gemeente kan raaksien wat die krag van die ware wetsbeskouing in die moderne tyd van revolusie en sedelike verval is: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan" (1 Joh. 4:1).

Beproof die geeste! Letterlik staan daar in die oorspronklike Grieks: Beproof die *winde*. Daar waai valse winde oor die wêreld en hulle waai dikwels deur die kerk se venster en deure. En nou moet die prediker en die gemeente hulle duidelik onderskei en onderken. Daarvoor is die Heidelbergse Kategismus en ook die ander gereformeerde belydenisse uitnemend geskik.

Dan hoef ons ook nie met Saul se harnas die Goliatte te beveg nie, maar ons moet die geskikte klippe vir die slinger uitsoek. Ons moet die Kategismus *bestudeer!*

3.2.4 Die Kategismuspraak en die eenheid van die kerk

Waarom is die kerke met die gereformeerde belydenis vandag so verdeel en verskeur? Is dit nie juis omdat daar nie meer erns gemaak is met die Kategismuspraak nie, omdat die Belydenis nie meer ernstig opgevat is nie en so baie ontrow geword het aan hierdie reformatoriese roeping?

Waar hierdie roeping nog nagekom word, bestaan die hoop dat daar nog gewerk word in die rigting van "die formuliere van enigheid". In die 16e eeu het die prediking van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus nie alleen die reeds bestaande eenheid van die kerk na vore gebring nie, maar het dit 'n geweldige bydrae gelewer om verder die eenheid van die kerk in Nederland, Frankryk, Duitsland en ander lande te bewerk.

En dit doen die gereelde Kategismuspraak vandag nog: om die eenheid te bewaar en die eenheid te bewerk! Daardie predikante wat getrou is om Sondag na Sondag die leer (belydenis) van die kerk te preek in gemeenskap met kerke met dieselfde belydenis, is besig met *ekumeniese* werk — miskien nog veel belangriker as baie sinodebesluite oor die eenheid van die kerk.

Om God se Woord te preek en daarom ook om die Kategismus te preek (ook dit moet Woordverkondiging wees!), is om beloftes na te kom — Doopbeloftes en Belydenisbeloftes. Dit is om te *erken*, te *bely*, te *PREEK* "dat die leer wat in die Ou en Nuwe Testament en in die Artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die Christelike Kerk *alhier* geleer word, die waaragtige en volkome leer van die saligheid is."

HOOFSTUK 4

Die bedienaar van die Woord

4.1 Dienaar van die Woord

Die prediker staan in die kerk onder verskillende name bekend: Hy is die *predikant* (afgelei van die Latynse "praedicator") of *herder* en *leraar* en algemeen staan hy by ons ook bekend as *dominee*. Die laaste benaming vir die prediker is egter glad nie aan te beveel nie omdat dit afgelei is van 'n Latynse woord wat "heer" beteken. En dit is alles behalwe 'n omskrywing van die prediker se amp.

Dienaar van die Woord (of bedienaar) is egter die beskrywing wat die Heilige Skrif self gee volgens *Handelinge 6:4*. Dit is ook die benaming waaraan Calvyn voorkeur gee. In die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 30:31) word hierdie amp beskryf as "dienaars of herders" van die Woord en in die bevestigingsformulier word dieselfde benamings om die beurt gebruik.

In die begrip "dienaar" (juis vanuit sy Bybelse betekenis) word die eintlike werk van die prediker so duidelik en presies beskryf dat baie misverstande meteen opgeruim word. Omdat hy *dienaar* is, beklee hy 'n ondergeskikte plek; hy staan in diens van iemand wat hoër is as hy en wat oor hom gesag het, wat hom uitstuur en wat aan hom 'n taak opdra. En die dienaar het dan geen keuse nie as om hierdie taak gedienstig uit te voer! In Naam van sy Sender moet die dienaar spreek. So kan die *bedienaar van die Woord* as hy getrou wil bly, nooit iets anders doen as om gedienstig hom te onderwerp aan die HERE nie.

Dit is dan juis so uiters noodsaaklik op die kansel! Met heilige eerbied en ontsag moet die prediker die Woord bring omdat dit God se Woord is. Hy staan nie daar in sy eie naam of ter wille van homself nie, maar om Christus se ontwil preek hy niks meer en ook niks minder as wat aan hom opgedra is nie, nl. die Woord van God! In die prediking self en nie in uiterlike dinge lê die gesag van die prediking nie: Nie in die gebruik van groot geleerde woorde, of in die bombastiese houding of in selfverheffing of in kunsgrepe uit die oratiese voordragkuns, bepaal die waarborg vir die prediking nie, maar in die eenvoudige feit dat dit GOD is wat spreek! Ook hang die amp van die bediening van die Woord nie aan uiterlike kentekens soos 'n toga, manel of wit das nie, maar nog eens: Die Woord wat gespreek word gee self die gesag en outoriteit.

Niemand moet hieruit aflei dat op hierdie wyse 'n slordige, onsmakvolle kleredrag vir predikers bepleit word nie, maar ter wille van "die dwase volk" (Calvyn se uitdrukking) moet ons duidelik verklaar dat die Skrif nie so iets soos 'n "ampskleed" vir die Nieu-Testamentiese kleed ken nie. Hiervan het selfs *Paul Kruger* gesê: "As dit die bevel is (dat predikante 'n spesiale kleding moet dra) dan mag die leraar dit glad nie aantrek nie, want alleen die Hoëpriester (in die O.T.) mag 'n ampskleed aantrek, maar nou het ons slegs een Hoëpriester, naamlik Christus. Dit is tyd dat bef en mantel afgeskaf word, want dit maak God se Woord kragteloos Ek vra julle broeders, laat julle geken word aan die suiwere prediking van die Woord!" (*Gedenkboek van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1909, pp. 89, 90).

So kom die prediker ten eerste as 'n *dienaar* van God met God se Woord. En hy moet 'n *getroue* dienaar wees wat hom altyd hou aan sy opdrag wat elders so pragtig beskryf word:

"Hy moet die Woord van die Here, deur die Skrifte van die profete en apostels geopenbaar, grondig en opreg aan die gemeente verkondig en dit toepas, in die openbaar sowel as afsonderlik, tot nut van die toehoorders, deur te onderrig, te vermaan, te vertroos en te

bestraf, volgens die behoefte van elkeen. Hy moet die bekering tot God en die versoening met Hom deur die geloof in Jesus Christus verkondig en met die Heilige Skrif alle dwalinge en ketterye weerlê wat in stryd is met hierdie suiwere leer. Dit alles word ons duidelik te kenne gegee in die Heilige Skrif; want die apostel Paulus sê dat hulle moet arbeid in die Woord; en elders leer hy dat dit moet geskied na die maat of reël van die geloof. Hy skrywe ook dat 'n herder aan die betroubare woord wat volgens die leer is, moet vashou en dit reg moet sny ..." (Uit die Bevestigingsformulier vir Bedienaars van die Woord in die Gereformeerde Kerke).

Geweldig groot word dan die verantwoordelikheid van die bedienaar van die Woord. Maar net so groot is die verantwoordelikheid van die gemeente om te sorg dat die dienaar nie afwyk van sy amp nie. "Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind" (Matt. 24:45, 46).

4.2 Herder en leraar

Die benaming "herder en leraar" vir die predikant vind waarskynlik ten eerste sy oorsprong in die Skrif en wel in Efesiërs 4:11 waar staan: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as *herders en leraars*." Dit was dan 'n besondere groep ampsdraers in die kerk. Hulle is *altyd* herders. Maar deur hulle hier ook leraars te noem, beklemtoon Paulus 'n bepaalde deel van hulle amp, naamlik *om te leer*.

As ons hierdie betekenis van die herdersamp, nl. om te *leer*, goed raaksien, dan is die algemene gangbare opvatting onder kerkmense verkeerd, nl. dat 'n predikant so naastebly 50% herder moet wees en 50% leraar. So hoor ons dikwels: Ds. X is nou nie so 'n goeie prediker nie, maar hy is 'n uitstekende herder, of andersom. Daarmee word dan bedoel dat hy baie goed huisbesoek doen, maar op die kansel is hy nie so bedrewe nie en so word die amp verdeel in 'n *herdertaak* en 'n *leraartaak*. Die onderskeiding is dan: Op die kansel of voor die katekisasieklas is die predikant leraar; van die kansel af is hy herder.

So 'n beskouing doen egter afbreuk aan die hoë roeping om te preek. Om die skape te voed met die Woord — dit is die herder se eintlike taak. Dr. A. Kuyper het reeds in 1881 geskryf dat 'n herder wat sy gemeente op die preekstoel skraal voed, "kan met het trouwste huisbezoek en de zorgvuldigste armenverzorging, nooit, nooit aan de gemeente vergoeden, wat hij haar door verontachtzaming van den kanselarbeid onthoudt".

Om sy preek voor te berei, moet vir elke herder van die kudde elke week *hoofsaak* bly.

4.3 Prediker en amp

Dit is die opmerklike dat God die gemeente nie direk met sy eie stem toespreek nie, maar Hy gebruik 'n mens wat Hy in 'n besondere amp stel.

Vanuit die Skrif kan ons kortliks die volgende gegewens i.v.m. die amp van bedienaar van die Woord na vore bring:

In die Ou Testament spreek God tot die vaders deur die profete (Heb. 1:1). Voortdurend hoor ons hoe God een na die ander persoon roep en aan hom 'n opdrag gee om sy Woord te spreek. In die Nuwe Testament het Jesus sy apostels geroep en aan hulle sy Woord gegee (Joh. 17:14) en Hy het hulle uitgestuur om in sy Naam die Evangelie te preek (Luk. 9:1, Joh. 20:21). Paulus is deur Christus in 'n amp gestel om die Evangelie te verkondig (1 Tim. 1:12, 1 Kor. 9:17, Tit. 1:3). Verder het die Here tot opbou van sy gemeente naas die apostels ook gegee profete, evangeliste, herders en leraars (Ef. 4:11, 12; 1 Kor. 12:28). Die Heilige Gees stel ouderlinge aan (Hand. 20:28).

Prediking van die Woord dra 'n *amptelike* karakter in die eerste plek in die sin dat God 'n persoon besonderlik roep tot sy diens. Hy moet sy amp uit die hand van God *ontvang* en hy kan nie maar willekeurig dit toeëien of neerlê nie, *want dan kom die gesag, die outoriteit van sy Sender onmiddellik in gedrang*. Dwarsdeur die Skrif word hierdie saak sterk beklemtoon (dink bv. aan die sonde van Korag, Datan en Abiram, die ongehoorsaamheid van die profeet Jona en Demas wat die kerk in Rome in die steek laat).

Calvyn beklemtoon die plek van die besondere amp in die kerk so sterk dat hy kon sê: Die lig en die warmte van die son, of spys en drank is nie so noodsaaklik vir die onderhouding van die teenwoordige lewe, as die amp van apostel en herder tot bewaring van die kerk op aarde nie (Institusie, IV, iii, 2).

4.4 Die klein mens — die groot amp

Mensverheerliking in die kerk is afgodery. 'n Predikant wat die preekstoel gebruik om homself te verheerlik of toelaat dat hy verheerlik word, word gevaarlik, want dan word hy die oorsaak dat die gemeente geruïneer word. Net so kan lidmate wat God nie meer agter die prediker raaksien en maar net vaskyk teen die mens en maar altyd die mens soek, 'n stuk wêreld in die kerk indra.

Vir die bedienaar van die Woord kom dit tog ten eerste daarop aan *wat* hy preek. Dit gaan nie oor die mooi redevoerings, die gloedvolle improvisasies, die skitterende gedagtebou, die retoriese vernuf nie (hoewel die Here iemand hiermee vir sy diens kan begenadig). In die kerk word dit heel dikwels patetiese bombasme!

As die prediker en die gemeente maar altyd onthou: Dit kom daarop aan dat GOD spreek. En as God spreek, dan moet die mens swyg, ook op die kansel. God gaan dan ook met sy spreke dwars teen ons vlees in. Sy Woord is drasties teen alle strelende soetsappige preke wat die mens streel.

Is dit dan nie ook vir ons juis opvallend dat God maar selde aan Sy kerk uitstaande, indrukwekkende manne skenk wat aan die smaak van die gemeente beantwoord nie? Reeds toe Jesus Christus vir Hom dissipels gekies het, gaan dit teen die idealisme van die mens in, want wie was hierdie klompie eenvoudige vissers dan nou eintlik dat hulle moes voorrang kry bokant die hoëpriester Kajafas en die begaafde ryk jongman ensovoorts? Maar Jesus kies juis hulle uit wat na die mens en in die oog van die wêreld nie vir hulle taak opgewasse is nie, sodat sy *genade* kan skitter en nie die voortreflikheid van die mens nie. Paulus sê dan ook i.v.m. die ampswerk: "Maar ons het hierdie skat (d.w.s. die bediening van God se Woord) in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie" (2 Kor. 4:7). 'n Erdekruik is broos en swak, en as dit val breek dit in skerwe. So is die ampsdraer 'n nietige draer van 'n geweldige amp.

Laat ons egter net onthou dat die amp aan die ander kant nie oorskat moet word soos by Rome nie wat sê dat die amp self, los van die Woord, 'n magiese krag kan werk. Hier geld ook nog eens: Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

4.5 Die aktuele prediker

So dikwels word daar verskillende eise aan die prediker gestel. Die een sê: Daar moet meer boeteprediking in die kerk wees; die ander beweert: Gee ons meer liefdespreke!

Maar is daar dan ooit twee aparte soorte prediking? Die vertroosting van die Here en sy verskrikking is tog nie twee evangelies nie, maar ons het te doen met die *een* Woord soos wat dit in die Bybel voor ons lê. Die prediking is die één tweesnydende swaard van die Gees wat

vir die gelowige tot troos is en vir die ongelowige tot oordeel; 'n reuk tot die lewe vir die wat glo en 'n reuk tot die dood vir die wat die prediking verwerp.

As die bedienaar van die Woord dit nie altyd goed raaksien nie, dan begin hy beweeg langs twee bane waartussen die wissels oorgegooi word en dan is die faktore wat bepaal watter soort preek dit sal wees, baie keer bedenklik.

Boeteprediking of troosprediking? Dit hang van die omstandighede af, sal iemand beweer. Maar daarteenoor moet ons konsekwent antwoord dat die omstandighede nooit die inhoud van die prediking kan bepaal nie, maar juis omgekeerd: die *gepredikte Woord laat ons die omstandighede verstaan*. Die omstandighede verklaar nie die Woord nie, maar die Woord laat sy lig oor die omstandighede val en dan verstaan ek dit beter. Bv. as die kerk in die laaste dae in ontsettende nood verkeer, is dit dan die *oordeel* oor die kerk — of is dit nie juis wat die Woord vertel dat dit sal gebeur nie?

Die Woord verkondig nie boete en bekering omdat dit so sleg gaan in die laaste dae nie, maar omdat die koninkryk van die hemele naby is!

En die Evangelie (die blye boodskap) word nie verkondig omdat die mense daaraan behoefte het nie of omdat hulle onder sekere omstandighede meer ontvanklik is daarvoor nie, maar omdat God dit beveel het!

Al sou die prediker dan met die grootste oproep tot bekering en aankondiging van oordeel voor die dag kom, dan moet dit altyd *die Evangelie van Jesus Christus as uitgangspunt neem*. En al preek hy die Evangelie in sy heerlikste troos met die lafenis van die saligheid en geluk, dan word die hoorder meteen ook gekonfronteer met die heilige erns daarvan en die bittere gevolge as dit nie aangeneem word nie!

Dit is nie die *tyd* wat die prediking moet beheers en daarom die prediking gaan opsplits in twee teenoorgestelde entiteite van boetepreke en troospreke nie, maar die prediking moet as 'n baken in die tyd staan. En die prediker se taak is om hierdie baken aan te wys. Daarom moet hy die Woord goed ken sodat hy die tyd sal ken.

Die prediker is nie 'n boeteprediker of troosprediker nie, maar altyd prediker van God se volle raad — bedienaar van die Goddelike Woord.

4.6 Die prediker as Skrifgeleerde

Sonder *kennis* van die Heilige Skrif, word die prediker se optrede op die kansel 'n bedenklike saak. Hy is immers bedienaar van die *Woord!* Hy moet dus die Skrifte grondig ondersoek en doelbewus tyd daarvoor maak. Hy moet 'n *Skrifgeleerde* wees! Maar hy moenie 'n Skrifgeleerde wees soos die Skrifgeleerdes in die tyd van Jesus se koms op aarde nie, want hulle was eintlik Joodse teoloë wat die Joodse wetenskaplike teologie aangesien het vir die ware geloofskennis. Daarom het hulle die skare wat hierdie "teologie" nie geken het nie, verag.

En dit kan ook nog steeds vandag die gevaar wees dat vir baie predikante die oorgelewerde teologie, die wetenskaplike stelsel en die boekgeleerdheid van een of ander professor vir hulle "Skrifgeleerdheid" beteken. Dan word daar maar weer net op 'n ander manier slawe van mense gemaak as van hulle geëis word om 'n teologiese sisteem te volg sonder die noodsaaklikheid om die Skrif te ken.

Maar die bedienaar van die Woord moet 'n ware *Skrifgeleerde* wees! En Jesus wil hê dat sy predikers *Skrifgeleerdes* moet wees "wat 'n leerling(e) geword het in die koninkryk van die hemele (wat) soos 'n huisheer uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring" (Matt. 13:52).

"Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en *Skrif geleerdes* na julle toe . . ." (Matt. 23:24).

Die kennis van die Heilige Skrif is die noodsaaklike voorwaarde om die tyd waarin ons leef, te ken. Alleen hierdeur kan die valse geeste en strominge wat die gemeente as prooi kies, geken word. Die bedienaar van die Woord moet die Bybel so goed ken dat hy kan weet wat die gemeente nodig het, en nie wat hy self vermoed wat hulle nodig het of wat hulle uit vleeslike oorwegings vra nie. Dit kom neer op diskresie: hy moet kan *onderskei*.

Dit is in hierdie *onderskeiding* wat vir die gemeente nodig is, waarin die prediker so maklik kan mistas. Die gevaar is so groot dat hy in sy studeerkamer en op die kansel 'n *dwaas* word wat "op sy eie hart vertrou" (Spr. 28:26). Soos die valse profete in die dae van Jeremia word hulle dan vasgevang in hulle eie subjektiewe (soos hulle self voel en dink) oorwegings. Dan kry ons naderhand profete wat soos God Self sê en in sy Naam vals profeteer. "Ek het hulle nie gestuur en hulle geen bevel gegee en met hulle nie gespreek nie; hulle profeteer vir julle 'n leuengesig en nietige waarsêery en bedrieëry van hulle hart" (Jer. 14:14).

Verskriklik is die beskrywing van predikers wat nie meer erns maak met die Woord nie en van hulle kanselwerk 'n saak van menslike produksie maak: predikers wat agter hulle "eie gees aan wandel".

"Wee die dwase profete wat agter hulle eie gees aan wandel en agter dinge wat hulle nie gesien het nie. Jou profete, o Israel, is soos jakkalse in puinhope. Julle het in die bresse nie opgegaan nie en die muur nie gebou om die huis van Israel, om in die stryd pal te staan in die dag van die HERE nie. Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Die HERE het gespreek — terwyl die HERE hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord!" (Eseg. 13:3-6).

Hier het ons nou 'n duidelike beskrywing van predikers wat wel *geesdrif* het, maar dit is die geesdrif van die "eie gees" en nie krag van die Heilige Gees nie!

Daar is maar net één pad vir die bedienaar van die Woord; daar is slegs een moontlikheid waarvolgens iemand nie 'n valse prediker sal wees nie, maar 'n ware prediker; hy moet *altyd* vra: Wat sê die HERE? Wat sê die Heilige Skrif?

As 'n predikant dit loslaat, dan word hy 'n valse prediker, "n jakkals in puinhope" soos die Skrif sê. As 'n kerk dit loslaat (dink hier veral aan hiërargiese sinodebesluite) dan word dit 'n valse kerk wat agter valse profete aanloop. Ook van die prediker en die kerk geld dit gedurig dat die pad alleen suiwer kan gehou word, deur dit te hou na die Woord! (Ps. 119).

Die prediker wat nie wil luister na die stem van die Goeie Herder nie, word 'n huurling. Hy is meer besorg oor sy eie veiligheid as oor die veiligheid en die welstand van die kudde. Hy soek kompromieë, hy het ander bindinge as die bindinge van die Skrif, hy laat hom voorsê deur mense, hy belooft lojaliteit aan instellings buitekant die kerk waaraan hy meer getrou is as aan die Woord.

Alleen in onvoorwaardelike oorgawe aan die volle waarheid van die Skrifte, sonder enige bymotiewe, kan die prediker die volle rykdom van God se genade aan die gemeente preek. Alleen by die lig van die Heilige Skrif en nie by die lig wat mense opgesteek het nie, kan hy sy gemeente ken in hulle nood en ellende, in die tyd en omstandighede waarin hulle leef en in hulle roeping. "Die konkrete situasie" kan eers geken word, as daar kennis van die Skrif is en dan alleen kan daar "aktueel" gepreek word!

Maar vandag kry ons dikwels preke wat meer "geaktualiseerd" is as "aktueel". Om dit anders te stel: die preek het meer te doen met die gebeurtenisse van die dag, met die koerantberigte, met die "best-sellers", met die sensasie van die dag — as met die Skrif. Dan beheers die tyd

die prediking en nie meer die *prediking* die tyd nie!

Ons moet *hier en nou* — dit het al 'n leuse geword — *midde-in die lewe staan*. Elke mens moet dit doen en die bedienaar van die Woord moet dit doen en die prediking moet *midde-in die lewe staan*. Daar word dan ook gekla dat die bediening van die Woord nie *midde-in die lewe staan* nie. Hieroor is daar onder ons nie verskil nie. Maar die verskil in opvatting kom eers as ons begin vra: *wat word daar onder ver staan om midde-in die lewe te staan?*

Ons kan dit ook so verstaan dat die prediking *midde in die lewe* moet staan van die mense se sorg en stryd, sy moeites en twyfel — dat die prediking daarin sy uitgangspunt moet neem om van daaruit 'n uitweg te probeer vind, om van daaruit deur die geloof 'n oop deur te vind. So word daar dikwels gepreek (dink aan die eksistensialiste) en so word die Evangelisasiewerk dikwels aangepak. Só wil baie mense dit vandag ook in die gereformeerde kerke hê. Maar dit is nie om *midde-in die lewe* te staan nie, maar *midde in die dood!* Van daaruit kan die lewe nie gepreek word nie.

Om *midde-in die lewe* te staan, is iets anders: *Dit is om midde-in die lewe van die gemeenskap met God en met die Woord van die Lewe te staan* — om in die ware gemeenskap met Jesus Christus te lewe deur die geloof aan sy Woord, 'n Ander uitgangspunt mag daar nie wees nie!

Maar nou is daar mense wat bedenkinge hierteen het. Wat dan van ons aardse lewe met sy nood en stryd en twyfel? Ons moet dit ook tog ken! En dan moet ook in die prediking erken word! Dit moet tog 'n plek in ons preke hê!

Natuurlik. Ons móét dit ken. Maar dan moet ons dit *waarlik* ken. Dan moet ons dit onder die lig van die opstanding ken — ons moet dit onder die lig van die gemeenskap met God ken. Dit is: Die lewe met sorg en twyfel moet ons onder die lig van die Woord van gemeenskap met God ken as 'n lewe as gevolg van die sonde. Ons moet dit brandmerk as 'n lewe van die vlees. Dit kan ons alleen onder die lig van die opstanding.

As ons maar altyd ons uitgangspunt in die Heilige Skrif neem, as ons maar altyd die ware verkondiging van uit Christus doen wat geleer het: Ek is die weg en die waarheid en die *lewe!*

Die prediker moet altyd onthou dat die kerk nie 'n "genadewinkel" (K. Schilder) is nie. Kerkgangers is nie goeie kliënte wat op aanvraag by die toonbank van 'n kansel staan nie. En die beste prediker is nie die beste "verkoopsagent" nie. Hy hoef nie te "adverteer" met allerlei kunsgrepe nie — maar hy gaan as hy die kansel beklim, eenvoudig *uitdeel!* In naam van God gee hy eenvoudig die Evangelie. Die kerkgangers hoef nie daarvoor te betaal nie, want Christus het reeds betaal!

Alleen die Woord van God! Daarmee is die sirkel waarbinne die prediker mag beweeg, presies getrek. Paulus het dit goed raakgesien en voor hierdie nugtere waarheid gebeef: Wee my as ek die Evangelie nie verkondig nie!

HOOFSTUK 5

Die Kerk tot wie die prediking kom

Die prediking is nooit adresloos nie. Die preek in die gemeente kom altyd ook *tot* die gemeente. Die prediker staan op die kansel altyd voor *God se volk*. Hy het nie te doen met 'n klomp los enkelinge wat niks met mekaar te doen het nie, maar met Christus se kerk wat Hy gekoop het met sy bloed. Dit was die so bekende Amsterdamse prediker ds. J. C. Sikkel wat eenkeer gesê het: "Die belangrikste kenmerk van elke goeie preek in die kerk is, dat dit gerig is tot die gemeente van Christus soos wat dit sigbaar optree ..." Ook het die bekende homileet prof. Hoekstra so met oortuiging dit duidelik gestel dat die objek van die prediking in die kerk altyd die gemeente van die Nuwe Verbond is. Die bediening van die Woord geskied in die vergadering van die gelowiges en daarom begin die prediker sy preek met die aanhef: "Geliefdes in onse Here Jesus Christus . . ."

Dit was A. Kuyper wat die saak duidelik gemaak het met die beeld van 'n winkel. In 'n winkel word alleen verkoop wat gevra word volgens wat elke klant graag wil hê. Maar so is dit nooit in die gemeente nie en mag dit nooit wees nie. Nee, met die prediking in die gemeente moet almal eenvoudig ontvang wat aan hulle gegee word. "De Dienaar des Woords is geen apotheker, die de simplitekast openzet en er nu de patienten maar in laat grasduinen, maar een medicijnmeester, die, onder verantwoordelijkheid aan den Heere van leven en dood, zijn recept voorschrijft".

Die groot fout wat dan ook dikwels deur predikers gemaak word, is dat hulle vergeet dat die gemeente kerk van Christus is. Hulle sien die lidmate tesame nie meer as God se *verbondsvolk* nie. En ontsettend groot word dan die dwaling in die prediking as dit nie meer gebring word tot die gemeente wat in Christus geheilig is en dat *almal* die verbondsbloftes ontvang het en dat hulle daarom almal 'n groot verantwoordelijkheid voor God het nie. Daar word dan ook soms uitgegaan van die standpunt dat die prediker altyd daarmee moet rekening hou dat 'n deel van sy gemeente hipokriete is. Vir hierdie moontlikheid kry die preek dan meteen die aksent dat dit 'n deel van die gemeente altyd moet bang maak en hulle so die skrik op die lyf jaag dat hulle nie te laat met 'n ingebeelde hemel verlore gaan nie. Die prediker moet sorg dat hulle nie al te maklik die beloftes van genade vir hulleself toeëien nie, en daarom moet maar aldeur gevra word: Het u ooit deel aan die genade van Christus?

As die gemeente dan altyd voortdurend gesien word as 'n groep mense waarvan 'n *deel* toehoorders skynheiliges is, 'n deel van die gemeente wat op pad is hel toe, dan kom die toepassing heel dikwels op die volgende neer, ongeag die verskeidenheid formulering: "Die Skrif sê hier so, maar is dit vir u ook waar?" Dan word die preek 'n stuk dualisme met twee toepassings. Deur aan die een kant te sê "die Skrif is waar" en aan die ander kant te vra "of dit ooit vir u waar is?" probeer die prediker die gelowiges enersyds te troos en die hipokriete andersyds te vermaan. Maar die resultaat is tragies: die gelowige wat die volle preek op homself toepas, raak in twyfel en die hipokriet wat in sy waan net die gerieflike deel vir homself toeëien, word aan die slaap gewieg. As die gemeente aldus as 'n verdeelde gemeente behandel word, dan word die belofte met die een hand gegee, maar met die ander hand weer teruggetrek. Om dit met 'n beeld te verduidelik: Watter soort boodskapper sou dit wees wat nadat hy gesê het: "Ek gee nou aan u 'n boodskap van 'n goeie tyding", maar onmiddellik laat hy daarop volg: "Ek is egter nie seker of u die regte man is vir wie ek die boodskap moes gee nie". As dit nou die manier is waarop die prediker sy gemeente behandel, dan kan dit net een gevolg hê: die gelowiges begin wankel en twyfelmoedig word en die hipokriete hou dit goed uit onder die preke.

Maar daar is nog iets. As daar dan so gespeel word met die *beloftes* van die Evangelie voor die gemeente deur te suggereer dat nie alle lidmate daarop reg het nie, waarom doen hierdie predikers dit dan nie met die *eise* van die Evangelie nie (die eise om God se gebooie na te kom). Waarom word daar dan nooit gevra: "Geld hierdie *gebod* ooit vir u?" nie?

Hoe moet ons dan die gemeente sien vir wie gepreek moet word? Nooit mag dit in twee groepe gesplits word asof die een groep wel die erfgename van die genade (beloftes) is en die ander nie om dan elke groep (al is dit een preek) twee aparte boodskappe te bring nie! Nee. As die prediker voor sy gemeente staan dan moet hy aan almal sonder onderskeid die een Evangelie, die Woord van die Verbond bring — en dit is altyd *belofte* en *eis* wat onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Elke verbondskind moet elke keer belofte en eis hoor. Aan almal, sonder onderskeid word beloof dat Christus gesterf het; almal moet dit glo — maar wee hom wat nie glo nie! So word die koninkryk van die hemele tegelykertyd oopgesluit en toegesluit — oopgesluit vir wie glo, toegesluit vir wie nie glo nie!

'n Onsuiver beskouing tot wie die prediking in die kerk kom en loslating van die waarheid dat die prediker voor die gemeente van Jesus Christus staan, kan ook ander misverstande i.v.m. die preek laat posvat wat onnodige spanninge meebring. Bv. is die adres van die prediking die hele gemeenskap of is dit gerig tot die enkeling? Moet dit kom tot die massa as sodanig of moet die individuele persoon in die middelpunt staan op so 'n wyse dat sy godsdienstige lewe per slot van rekening 'n persoonlike verantwoordelikheid is en hy tog reeds geïsoleerd van die gemeenskap van die kerk staan. Dit wat in so baie homiletiese boeke genoem word, "op die man af", is dit nie eintlik die verwesentliking van die aktuele prediking nie?

Die gevaar lê voor die hand dat die prediking enersyds tot die gemeente as 'n *gemeenskap* en andersyds tot die *individuele persoon* in die praktyk volgens smaak en geaardheid van die prediker teen mekaar uitgespeel word en ons land in die probleemstelling òf - òf.

Baie gereformeerdes probeer die saak oplos deur 'n "nie alleen . . . maar ook" standpunt, m.a.w. die prediking moet nie alleen nadruk lê op die kerk as gemeenskap nie, maar ook moet dit aandag gee aan die persoonlike individu.

Tog is die saak hiermee nie so maklik opgelos nie. Sommige het hierin selfs die balans probeer vind deur dit voor te stel dat die prediking uit die Ou Testament bv. sterk kollektiwisties is, dit kom daar tot die groep; en daarteenoor tree by die Nuwe Testament die individuele gelowige baie sterker op die voorgrond en die gemeenskap staan meer op die agtergrond. Maar so 'n onderskeiding ken die Skrif nie. God spreek nooit tot die massa sonder om die enkeling te bedoel en omgekeerd tot die individu op so 'n wyse dat die kerkgemeenskap genegeer word nie. Hier dink ons bv. aan die verbondsbelofte van Genesis 17: God rig sy verbond op tussen Hom en Abraham en met sy nageslag na hom. Die beloftes van *genade* reeds daar in die begin, is nie alleen aan die geïsoleerde individu Abraham gegee nie, maar aan hom as stamvader van Israel, ja selfs as vader van alle gelowiges uit die heidendom en dus ook aan die hele volk van God in die Nuwe Testament en aldus aan almal van ons. En as God spreek tot sy volk as volk, dan gaan dit nie net vir Hom oor daardie massa mense as massa nie, maar die enkeling kan nie anders as om direkte objek van die prediking te wees nie. Paulus gebruik in sy Romeinebrief die pragtige beeld van die boom met sy takke. En ons weet tog: As die boom afgekap word, dan het die takke geen bestaan meer nie. As God dus sy volk bedreig met strawwe en gerigte, dan kan geen Israëliet meer daaronder onverskillig staan nie. Niemand kan sê: Dit gaan my nie aan nie! Die tak kan tog nie sê: Ek behoort nie by die stam nie. Of om die ander Skriftuurlike beeld te gebruik: Ons is almal lede van die een liggaam. (Vgl. Rom. 11:16 - 24, 12:4, 5 en 1 Kor. 12).

Hierin is daar dan ook geen verskil tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament nie. Die Ou Testament gaan uit van die verbond tussen God en sy volk, maar dit is pragtig duidelik hoedat die persoonlike geloofslewe daaruit opgroei. Dink maar aan die Psalms. Daar is nooit 'n spanning tussen enkeling en die volk nie. Bv. in Psalm 25 kla die digter oor sy persoonlike nood; hy word bedreig deur vyande en hy dink aan die sonde van sy jeug. Maar hierdie persoonlike gebed vanuit persoonlike benoudheid mond uit in die bede: "O God, verlos Israel uit al sy benoudhede!" Of dink bv. aan Psalm 106:4 "Dink aan my, o HERE, na die welbehae van u volk — besoek my met u heil, dat ek kan aanskou die geluk van u uitverkorenes — dat ek kan bly wees in die blydschap van u volk ..."

Psalm 128 begin met die uitspraak: "Welgeluksalig is elkeen wat die HERE vrees . . .", maar die eindig met die uitroep: Vrede oor Israel!

Psalm 130: "Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE . . ." maar die Psalm eindig: "God sal Israel verlos van al sy ongeregtighede!"

Psalm 131 begin: "My hart is nie hoog en my oë nie trots nie . . ." maar dit eindig: "Wag op die HERE, o Israel!"

Hier het ons maar 'n paar voorbeelde wat met duisendes uit die Skrif kan vermenigvuldig word. Op dieselfde wyse vind ons ook weer baie dikwels dat die persoonlike verlossing direk vertroostend vir die hele volk van God is. Hiervan is Psalm 66 'n mooi voorbeeld.

As die beloftes van Christus tot die hele gemeente gesprek word, dan kan elke lidmaat homself verheug, want God het ook tot hom persoonlik gesprek. En as God een lidmaat verbly en seën en ryklik deur die prediking vertroos, laat die hele gemeente dan bly wees, want dit is verlossingstroos vir almal. So moet die prediker sy gemeente sien: Die Woord kom tot almal en daarom raak dit elkeen; en dit spreek tot elkeen en daarom het dit almal op die oog.

Calvyn: "Dit is 'n vaste grondstelling dat daar geen ander Woord van God in die kerk kan plek hê nie, as wat eers in die wet en profete, en verder in die apostoliese geskrifte vervat is, en dat daar geen ander wyse is om behoorlik in die kerk te leer nie, as deur die voorskrif en reël van daardie Woord nie."

TEN SLOTTE: Dis CHRISTUS TRIUMPHATOR wat preek!

Die preekstoel staan midde in 'n wêreld wat in die maalstroom van 'n huiwerendwekkende krisis gekom het. Dit is asof alles tuimel voor geheimsinnige magte en 'n paniekbevange, hulpelose mensheid in sy angs en spanning geen raad meer weet nie. Die worsteling van volkere en politieke magsblokke het so in 'n aanjagende sikloon van haat beland dat dit lyk asof daar geen keer meer aan is nie. Dit lyk asof die mensheid voor die einde van die 20e eeu in 'n verbysterende chaos sal verkeer en dat demoniese magte 'n totale oorhand oor die wêreld sal kry.

Maar ons vergeet dat juis die 20e eeu in die Pinkster-bedeling val en dat Jesus Christus met Sy Gees deur die prediking midde in die wêreldkrisis staan. Hy is die Een wat alle mag in die hemel en op aarde besit (Matt. 28:18) en dat Hy almal en alles beheers volgens Sy plan. Hy is die eintlike Prediker wat deur Sy predikers Sy kerk voltooi en besig is om die ewige Godsryk in sy laaste fase op te bou. Deur die prediking voltooi Hy die werk van God se genade, maar Hy maak ook die toorn en strafgerigte en oordele van God oor 'n onbekeerde wêreld vol. Deur die prediking laat groei Hy die geloof van God se kinders tot die grootste hoogte, maar daarmee dryf Hy ook die sonde en goddeloosheid en antichristelikheid tot 'n finale uitbarsting. Dit is die prediking wat eenvoudig almal dwing tot 'n posisiekeuse: die wat onreg

doen, sal nog meer onreg doen en die wat vuil is sal nog vuiler word; die regverdige sal nog regverdiger word en die heilige nog heiliger! (Openb. 22:11).

So staan Jesus Christus met die prediking in die sentrum van die wêreldgeskiedenis en in die brandpunt van die tye. En eers wanneer Hy met Sy predikers die prediking van die Evangelie voltooi het, sal die einde kom (Mark. 13:10, Openb. 11:7).

Dit is nou die heerlike troos vir die prediker en ons wat in die kerkbanke sit: op 'n sekere dag dan is Jesus Christus se prediking voltooi. Deur alles heen weet ons dat die laaste preek van ons bedeling nader kom. En as die "amen" van die laaste preek uitgespreek is, dan breek die nuwe hemel en die nuwe aarde aan — en daar in die Nuwe Jerusalem sal daar nie meer gepreek word nie. Daar sal ook nie meer 'n tempel wees nie (Openb. 21: 22).